

# KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

17 Julie 2020

www.kerkbode.co.za • facebook.com/kerkbode

Deel 205 – Nummer 1

## Stemme saamgesnoer om psalm te laat opklink

MARLI VAN EEDEN

Die Hoërskool Durbanville se koor het tydens die Covid-19-pandemie besluit dat die grendeltyd hulle nie sal keer om te sing nie. Die koor, sowel as sommige van die skool se oudleerders, het saamgespan en deelgeneem aan 'n virtuele koorprojek waar hulle Psalm 134 opgeneem het. Elke koorlid het hulle deel apart opgeneem en die klank en video is verwerk tot 'n virtuele skepping wat aanlyn gedeel is.

“Die koor sing dié lied al van 2014 af elke jaar: voor 'n optrede, na 'n optrede, as dit sleg gaan met iemand, as dit goed gaan met iemand, as ons moet afskeid neem van iemand – noem die geleentheid en ons sing dit,” vertel die koor se dirigent Maria Rademan-Viviers.

Maria was self 'n leerder aan die Hoërskool Durbanville in die noordelike voorstede van Kaapstad, waar sy deesdae die koor afrig en ook 'n onderwyser is. Sy het BA Geesteswetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch (US) gestudeer en daarna haar onderwysdiploma aan die Universiteit van Kaapstad verwerf.

“My droom was om eendag by Hoërskool Durbanville skool te hou en 'n koor te stig, want toe ek op skool was, was daar nie 'n koor nie.”

Sy was destyds onder meer deel van die Tygerberg Kinderkoor onder lei-



Skermgreep vanaf die YouTube-kanaal van Maria Rademan-Viviers.

ding van Hennie Loock, die Suid-Afrikaanse Jeugkoor en die Universiteitskoor van die US, onder leiding van dirigent André van der Merwe.

“Ek het Psalm 134, wat verwerk is deur André van der Merwe, in die Stellenbosch Universiteitskoor gesing in 2010 tydens ons heel laaste optrede. Dit is die mooiste lied, en al het my trane

die dag gevloei sal ek altyd daardie lied in my hart koester,” vertel sy.

Maria vertel die proses om die algehele video aanmekaar te sit was uitdagend en dat sy omtrent moes kophou. “Om 104 video's in te samel en dit dan in een video te vermeng is geen grap nie!

“Gelukkig het ek 'n wonderlike klankingenieur, oud-Durbie Loui Grie-

benow, wat my begelei het in die taak en die klankvermenging van die video behartig het,” sê sy.

“Ek het vir elke stemparty 'n klanklêer gemaak met net 'n klavier wat speel en dan ook 'n video waar ek saam sing, sodat hulle die musiek kan oefen. Hulle moes dan met 'n selfoon 'n video-op-

Vervolg op bl 3

## Eredienste: Soet en suur van nuwe manier

JACOBIE M HELENA

Einde Mei het gemeentes die groenlig vir klein eredienste by die regering gekry. Ons hoor meer by gemeentes wat kerkdeure oopgemaak het.

In Port Elizabeth sê dr Willem Wiid, predikant by NG gemeente Parkkewel, dat die gemeente uitgehonger was vir die saamwees van gelowiges. Hy vertel dat die virtuele kerkdienste nie die gevoel van saamwees vir hulle kon skep nie. Wiid sê dat die eerste kerkdiens gevoel het of hulle terug na hulle Pa se huis toe gekom het. Hy brei uit: “Die gemeentede wat by die eerste diens was, was baie emosioneel toe die

klok die eerste maal gelui het. Die bekende geluide. Dit het ons diep geroer,” vertel Wiid.

Ds Pieter Grobler, predikant by NG gemeente Scottburgh in KwaZulu-Natal, vertel: “Ons het besluit om die eredienste te hervat omdat die aantal gevalle in ons provinsie nog laag was en nie almal in die gemeente digitale toegang het nie.” Hy meen dit is amper moeiliker om vir maskers te preek as wat dit is om vir leë kerkbanke te preek. Grobler verduidelik: “Dit voel koud om mense nie fisies te kan groet en blad te skud nie. Ek kan nie hulle gesigsuitdrukkinge deur die maskers tydens die preek sien nie. Dit is vreemd

as almal so 'n ent uitmekaar sit en deur die maskers, wat onduidelik is, voor die diens praat. Verder is die uitvoer van die maatreëls soos al die skryfwerk, die neem van almal se temperatuur en die hande was 'n uitdaging. Dit voel baie onnatuurlik,” vertel Grobler.

In Namibië vertel ds Leon Fourie van NG gemeente Outjo dat hulle dit makliker as in Suid-Afrika gehad het omdat die koronavirus-syfers laag was. Hy verduidelik: “Teen die tyd wat ons weer 50 by 'n byeenkoms mag gewees het, was die syfers in Namibië nog onder tien. In 'n boerderygemeenskap is die eredienste baie keer die enigste plek waar mense mekaar sien en daar-

om is eredienste vir ons gemeenskap broodnodig. Om ons eredienste te hervat was ook vir ons 'n sin van verantwoordelikheid. Dit is ons kerk en ons moet kyk na die finansies en na die geloofslewe van die gemeenskap” sê Fourie.

Máár die hervat van eredienste was nie vir almal net maanskyn en rose nie. Ds Derick Claassens van NG gemeente Rensburg in Heidelberg in Gauteng vertel dat daar met die eerste erediens slegs dertig lidmate opgedaag het. Hy sê alhoewel dit vir hom beter is om voor mense in die kerk as vir 'n kamera te preek, is die mense maar skrikkerig.

**BYBEL**

**BM**  
Bybel-Media

**BOU**

**BLOKKE**

# Maak 'n impak! Bou die geloof van kinders, gesinne en leiers met Bybel-Media se BybelBouBlok-projek

Bybel-Media wil in hierdie moeilike tye 'n simboliese bouprojek aanpak. Ons vra dat 20 000 Christene elke maand **BybelBouBlokke** by Bybel-Media koop. Dit beteken ons ondersteuners sal kinders, jongmense en volwasse gelowiges seën deur 'n maandelikse bydrae van **R50 per boublok**.

## Só kan jy ons BybelBouBlok-projek steun:

- Maak 'n bydrae van **R50 per maand**.
- Help ons om nog ondersteuners te werf deur hierdie boodskap met jou vriende en familie te deel en só hierdie projek namens Bybel-Media te bevorder.

## Besoek [www.bybelmedia.co.za](http://www.bybelmedia.co.za) om jou BouBlok(ke) te skenk.

- Betalings met debiet- of kredietkaart is welkom.
- 'n Maandelikse aftrekorder kan afgelaai word.
- Vir 'n elektroniese oorplasing gebruik gerus ons bankbesonderhede hieronder.

Vir slegs  
**R50**  
per maand bou  
jy saam aan  
die toekoms.

**BM**  
Bybel-Media

[www.bybelmedia.co.za](http://www.bybelmedia.co.za)

Bank: ABSA | Tak: ABSA WYNLAND | Takkode: 632005

Rekeningnaam: BYBEL-MEDIA | Rekeningnommer: 4051181699



Gemeentes in die Vrystaat sê:

# 'Ons help uit dankbaarheid'

JACOBIE M HELENA

Die oorgrote meerderheid van gemeentes in die Vrystaat werk onverpoosd om hongeres te help voed, volgens navorsing deur 'n predikant in die Vrystaatse Sinodale kantoor vir Vennote in Getuienis.

Dr Nico Mostert sê 'n onlangse opname kyk na 133 van die totale 152 gemeentes in die Vrystaat en skets 'n prentjie van gemeentes wat hulp verleen ondanks afnames in hulle eie inkomste.

Alle gemeentes in die Vrystaat se inkomste is onder inflasie, volgens Mostert. Maar van die 133 gemeentes wat aan die navorsing deelgeneem het, het 93,3% van die gemeentes kospro-

jekte aan die gang. Mostert brei uit: "Die mense het nie geld nie, maar hulle deel kos uit. Dit sê vir my iets. Die kerk loop nie te koop met hierdie syfers nie, maar dit is ongelooflik hoe die gemeentes in hulle onderskeie gemeenskappe help. Die Sinode in die Vrystaat het 'n Covid-19-fonds waar gemeentes kan aansoek doen vir kospakkies ter waarde van R500 elk om in hulle onderskeie gemeentes uit te deel. Die gemeentes kan tot 'n maksimum van R10 000 per gemeente vir fondse aansoek doen. Die werklikheid is dat nie eens 'n kwart van die Covid-19-fonds al gebruik is nie. So, al is die gemeentes se situasie droewig, deel hulle steeds kos uit en vra nie eens vir die sinode om te help nie. Hulle sê hulle oorleef en kan nóg uitdeel," vertel Mostert opgewonde.

Die NG Kerk in die Vrystaat se omgehart funksioneer nie net op gemeentevlak nie, maar ook op 'n groter skaal. Die Vrystaatse Sinode, in samewerking met Agbiz se Agri Value Chain Relief Project, het 'n nuwe mieliemeelprojek van stapel gestuur. Dié projek, wat as die Vrystaat Voedselprojek bemark word, moedig landboubesighede, wat voorheen as koöperasies bekend gestaan het, aan om voedsel nood in die Vrystaat te verlig.

Ds Barnard Steyn, direkteur van die Vrystaatse Sinodale kantoor vir Bedieningsbegeleiding, sê hulle mikpunt vir die huidige boekjaar is om 'n 1 000 ton

wit mieliemeel aan behoeftiges in die Vrystaat te voorsien. Steyn vertel hoe dit prakties werk as boere mielies vir die voedselprojek wil skenk. "Boere kan hulle mielieskenking direk aan Silostrat, 'n meulorganisasie in Welkom, met die lidnommer maak. Silostrat maal die mielies dan vir ons, hou die semels vir die maalkoste en verpak die meel vir ons in 5 kg-sakkies. Ons mikpunt is om vanjaar 200 000 sulke sakkies van die kerk se kant af aan honger mense te skenk.

Mostert sê dat die mielie-oes vanjaar vir die eerste keer in jare goed is. Hy vertel meer: "Ons het die afgelope paar jaar baie slegte oesjare agter die rug en die landbou in die Vrystaat het baie swaar gekry. Dit het aan die begin van die jaar baie goed gereën en daarom het ons besluit om uit dankbaarheid te kyk wat ons kan doen om ander te help. Ons doelwit is groot. Maar deur die netwerke wat ons opgebou het hoop ons om die mieliemeel baie doeltreffend te versprei," sê Mostert.

Steyn vra dat as die Here dit op mense se hart druk om die Vrystaat Voedselhulp-projek te ondersteun kan hulle dit op drie maniere doen. Eerstens kan mense bloot bydraes vir die Vrystaat Voedselprojek maak, tweedens kan hulle bydraes deur die landboubesighede skenk of hulle kan kontant direk in die Reformed Initiative for Community Development (RICD) se rekening inbetaal.



Themba Cindi help mieliemeelsakke in die stoor van die VKB Handelstak op Cornelia aandra. Ds Johann Kemp, predikant by NG gemeente Cornelia, sê dat die werkloosheidsyfer in die omgewing groot is en dat mense in uiterste armoede leef. Hy vertel dat die VKB op die dorp die mieliemeel geskenk het en dat hulle die meel deur 'n koeponstelsel versprei. Kemp verduidelik verder: "Die VKB het 200 koepons beskikbaar gestel en elke koepon is 5 kg mieliemeel. In samewerking met kerkgroepe in die omgewing is die armste van die armes geïdentifiseer en van koepons voorsien. Hulle kan die mieliemeel met die koepon by die VKB kom aflaai. Die mense is verskriklik dankbaar vir die meel," vertel Kemp.

Foto: Erna Beyers

| VRystaat VOEDSELHULP |       |          |         |
|----------------------|-------|----------|---------|
| Organisasie          | Adres | Telefoon | Webwerf |
| GWK                  |       |          |         |
| BKP                  |       |          |         |
| AFOR                 |       |          |         |
| VKB                  |       |          |         |
| DAK                  |       |          |         |

Vervolg van bl 1

name van hulleself maak wat die lied sing.

"Al het hulle die lied geken, was dit nogal senutgerend vir hulle om die opname te maak. Dit is baie blootstellend en omdat dit op 'n selfoon opgeneem is, klink dit nie soos dit in die werklikheid sou klink nie – ek moes maar soms mooi aanmoedig."

Nadat al die video's ingesamel is, moes die algehele video aanmekaar gesit en geredigeer en gesinkroniseer word.

"Die lekkerste deel is wanneer jy uiteindelik daardie video met die klomp blokkies sien met al jou koorlede in – dan loop my beker behoorlik oor."

Alhoewel dit harde werk was, is Maria trots om die eindresultaat te deel en trots op elkeen wat deelgeneem het. Sy glo dié lied spreek tot almal gedurende hierdie uitdagende tye.

"Ons het die lied opgedra aan ons land, ons gesondheidswerkers, ons skoolpersoneel en in besonder die skoolhoof, meneer Coenie Venter. Die onderwys staan 'n groot taak in die oë en ek glo soos Psalm 134 vra – die Heer se seën sal op almal daal."

● Kom luister by [www.kerkbode.co.za](http://www.kerkbode.co.za)  
Kliek op Video in die navigasiekolom op die tuisblad.



## Dominee preek "volle liturgie" uit sy motor

Die NG gemeente Cedarville-Matatiele in KwaZulu-Natal het op Sondag 28 Junie 'n inry-erediens gehou. Dié nuwe manier van kerk hou het gekom na die regering op 26 Mei streng regulasies vir eredienste ingestel het. Ds Sydney Saayman, emerituspredikant by die gemeente, het die diens vanuit sy motor waargeneem. Hy vertel: "Ek het die diens met 'n volle liturgie hanteer. Die lidmate het die diens en die boodskap treffend en spesiaal ervaar. Daar was ook informele kontak en samesyn tussen die motors," vertel Saayman. Die gemeente beplan om vanuit hulle motors kerk te hou totdat minder streng regulasies intree.

– Jacobie M Helena

Foto verskaf

# Druk bou op kinders

**Die heropening van skole na die staat van inperking kan verdere druk plaas op leerders se geestesgesondheid, berig MARIETJIE WARRINGTON.**

Die “hersiene” skoolomgewing wat nou gekenmerk word deur die dra van maskers, skep van sosiale afstand, deurlopende gesondheidsmonitering en noodgedwonge kliniese omgewing kan bydra tot verhoogde angsvlakke, depressie en ’n verlies aan selfvertroue. Van die maatreëls ontnem kinders van fisiese interaksie en die verlies aan kontak kan die ontwikkeling van sosiale en emosionele vaardighede in die wiele ry.

Volgens Jeannette Ceronio, ’n opvoedkundige sielkundige aan die Wesrand wat tans bystand lewer aan onderwysers en leerders, gaan die “nuwe normaal” beslis bykomende druk plaas op die leerders se geestesgesondheid.

“Aanpassings met die heropening van skole kan lei tot meer angstigheid en depressie. Skoliere wat aan selfvertroue ontbreek en bang is, kan die situasie moeilik verwerk. Leerders mag dalk swaar aanpas by die nuwe manier van onderrig en derhalwe akademiese probleme ontwikkel,” sê sy.

“Kinders wat reeds hiperaktief of aandagafleibaar is, gaan spanning beleef omrede daar meer voorwerpe is om mee te vroetel. Dié skoliere en ekstroverte wat aan almal wil vat en gesels kan ook in die spervuur beland, want hulle vergeet onbewustelik van die sosiale afstandmaatreël.”

Die dra van ’n gesigmasker kan leerders met leesprobleme kniehalter, die introvert verder in sy dop laat kruip en ’n gevoel van benoudheid veroorsaak by kinders wat reeds angstig voel. Die aanmeld by die Covid-19-kamer vanweë hoë koors kan verdere stres meebring wat gepaard gaan met ’n vrees vir verwerping deur maats.

“Nie almal sal dieselfde reageer op die aangepaste maatreëls nie en baie sal afhang van individuele verskille. Dog leerders sonder sielkundige uitdagings

behoort nie probleme te ondervind nie,” sê sy.

Ceronio sê onderwysers beleef tans aansienlike stres en het leiding en berading nodig alvorens skole open om voluit te kan funksioneer.

“Onderwysers ervaar geweldige spanning en hulle moes in ’n kort tydspanne allerlei vorme van tegnologie en ’n nuwe metodiek aanleer om met die skole se opening te kan onderrig.”

“Papier moet so min as moontlik hanteer word en daar gaan gepoog word om sover moontlik papierloos te werk wat merkwerk sal kompliseer. Daarbenewens moet omvangryke departementele dokumentasie vir elke leerder be meester word. Sommiges is ook bekommerd oor die gesondheidsrisiko en die uitdagings wat maskers gaan bied.”

## Verkorte onderrigssessies en voorbereiding

By verskeie skole word leerders met aanlyninligtingssessies, video-opnames en praatjies voorberei vir die “eerste” skooldag om die aanpassing so “pynloos” moontlik te maak. Onderwysers sal ook ’n verkorte onderrigssessie moet deurloop om die psigologiese uitdagings van skoliere te kan hanteer.

“Deur verkorte opleidingssessies moet skole toesien dat onderwysers toegerus word om skoliere met psigologiese uitdagings te kan ondersteun. Dit is veral van belang waar daar nie sielkundiges of beraders beskikbaar is om professionele insette te lewer nie,” sê Ceronio.

Nie alle onderwysers is genoegsaam toegerus om die nuwe psigologiese uitdagings die hoof te bied nie en individuele verskille soos byvoorbeeld opleiding speel hier ’n rol. ’n Onderwyser wat sielkunde of lewensoriëntering as vak gehad het, mag dalk beter toegerus wees as iemand wat nie daardie agtergrond het nie.

Persoonlikheid speel ook ’n rol. Die meer mensgerigte, empatieke onderwyser sal leerders se psigologiese uitdagings beter hanteer en verstaan as onderwysers wat meer taakgeoriënteerd

is. Die Departementshoof: Opvoedkundige Leiding is daarvoor verantwoordelik om te verseker dat leerders met psigologiese uitdagings die nodige ondersteuning ontvang.

Erika Basson, ’n opvoedkundige sielkundige van Johannesburg wat meestal werk met tieners, sê die “nuwe normaal” by skole gaan beslis ’n impak hê op die meeste skoliere se geestesgesondheid, angsvlakke en algemene lewensuitkyk.

“Jong mense se angsvlakke is tans baie hoog en ek vind ook dat depressie by tieners toegeneem het tydens die grendeltydgleuf. Dis veilig om te sê die aangepaste skoolomgewing sal beslis ’n impak op almal hê, maar die intensiteit daarvan sal verskil van persoon tot persoon. Die ouer tiener sal dit anders beleef as die kleiner kind en sal sodanig anders benader moet word,” sê sy.

“Só byvoorbeeld kan die skep van sosiale afstand by die jonger groep ’n groot aanpassing wees en bydra tot stres. Hulle was gewoon daaraan om met spel aan maatjies te vat en nou word dié voorreg hulle ontnem.

“Die afstandmaatreël kan veral die kleiner mensies se emosionele ontwikkeling nadelig beïnvloed. Die skoolterrein vorm die klaskamer waar kinders leer om sinvol te sosialiseer. Hier word met maats gespeel wat die grondslag vorm van toekomstige verhoudings, die instandhouding van sulke verbintenisse en die beheer van emosies. Deur spel en fisiese interaksie leer kinders om gesonde verhoudings te handhaaf,” voeg Basson by.

“By tieners kan die skool se nuwe omgewing ’n gevoel van verlies aan hoop en die einde van die wêreld inisieer. Daar is byvoorbeeld nie meer rugbywedstryde, kooroefeninge, toneelopvoerings of saamkuier op die speelgrond om na uit te sien nie. Dit kan voel asof niks meer betekenis of waarde het nie, want die lekker goed is weg.

“Die werklikheid dat Covid-19 ’n wêreldverskynsel is, kan verder negatief bydra en depressie en angstigheid aanvuur. Daarbenewens is onderwysers se veranderde metodiek ook ’n angsfaktor

vir leerders wat kan inwerk op skoolastiese prestasie. Kortom, daar is orals ang en dit bring mee dat skoliere nie optimaal kan funksioneer nie,” sê Basson.

## Huis se ang kom saam

Wat die heropening van skole na die staat van inperking emosioneel nog meer ingewikkeld kan maak, is dat baie skoliere reeds angstig en depressief by die skool aanmeld.

“In baie ouerhuise word ekonomiese en emosionele uitdagings beleef wat oneindige druk en konflik veroorsaak. Met gesinsgeweld is daar vir kinders ook nie uitkomst nie, want almal is onder een dak saam ingehok. Van die huis se ang kom saam skool toe.”

Die veranderde skoolterrein skep uitdagings wat wesenlik as ’n eerste in geskiedenisboeke sal figureer. Navorsers voorspel dat die huidige pandemie se sielkundige uitwerking ’n erge impak op die geestesgesondheid van die meeste mense regoor die wêreld kan hê.

“Saam met die Covid-19-pandemie gaan daar wêreldwyd ’n sielkundige siektevlaag kom. Ons sit met miljoene mense met verhoogde angsvlakke wat inmeng met die brein se hormone en funksionering. Ná die pandemie gaan ons ’n groot aantal angsvestourings sien, maar ons is voorbereid daarop om die nodige bystand te verleen,” sê Basson.

## Marie Dahl skryf uit Londen

Marie Dahl, uitvoerende hoof van Save the Children’s Mental Health and Psychosocial Support in Londen, skryf kinders beleef tans ongelooflike omwentelings en op ’n skaal wat ons nog nie in dié leeftyd ervaar het nie. Hulle lewe het oornag veranderings ondergaan en so baie is steeds onbekend oor die langtermyn-uitwerking van die krisis. Laasgenoemde noop ons om waaksaam te wees en sover moontlik alles in te span om die impak op hulle psige te versag. “Hoewel kinders gekenmerk word deur emosionele veerkragtigheid kan ons nie die pandemie se impak onderskat op hulle geestes- en fisiese gesondheid nie,” sê sy.

## ‘Videobomb’ tydens leraar se opname

Die it is weke se Zoom-vergaderings, WhatsApp-berading en preke via regstreekse Facebook-websendings ... Met grendeltyd wat soveel eise ook aan dominees se tegnologiese vermoëns stel, is dit miskien onafwendbaar dat daar iewers ’n glipsou kom.

Maar wie sou nou kon dink dat ’n pastoriekat hiervoor verantwoordelik sou wees.

Ds Jampie Nel van die NG gemeente Oostersee in die noordelike voorstede

van Kaapstad gee ’n bietjie agtergrond oor hierdie videogreep met ’n onverwagse deelnemer in die voorgrond.

Nel vertel: “Ons is katmense en word dikwels deur hulle gedrag vermaak. Angel is die studeerkamerkat, sy leef op my lessenaar. Maar ek het die afgelope tyd gesorg dat sy nie hier is wanneer ek Sondag se digitale diens moet opneem nie. Verlede Saterdag kon ek haar egter nie kry nie en ek moes noodgedwonge die deur op ’n skrefie oophou omdat sy by ’n vorige opname letterlik aan die

deur gehamer het, tot ek dit vir haar oopgemaak het. Angel vat nie “nee” vir ’n antwoord nie!

Saterdag het sy toe tydens die opname ingesluip en begin eet (ek verkies om nie van haar eet as vreet te praat nie), maar sy het lekker kliphard geknars aan haar katpille en ek het in die oomblik besluit, dit is maar so, ek gaan nie in die middel van die opname oor begin nie. Nodeloos om te sê, in die middel van die laaste seën, meuw sy toe voor die kamera in. Ek neem toe net



weer die seën op, maar my seun, Pieter, het gereken dat ons dit nie moet uitvee nie. Die behoud van die stukkie verrassing maak die kommunikasie eg.”



Die nagmaaldiens op 14 Junie het amptelik van 15:00 tot 18:00 geduur en ds Wimpie Wasserman en sy span het vooraf sowat 1 000 wegneemhouertjies vir die bediening van die sakramente bestel. Foto: Jan Steyn

## Deurry-nagmaal:

# 'G'n worsmasjien dié'

Die bedienings-“bane” is die afgelope Sondag in 'n parkeerarea van 'n gemeente in Krugersdorp uitgemerk vir iets wat 'n mens jou kwalik in pre-Korona-tye sou kon voorstel: 'n Deurry-nagmaaldiens, kompleet met musiekbegeleiding deur 'n eensame kitaarspeler op 'n verhogie en op 'n erg veilige afstand.

“Ons het vir mekaar gesê, dit moenie voel soos 'n worsmasjien nie,” vertel ds Wimpie Wasserman, leraar by Rant en Dal Prisma.

Die diens op 14 Junie het amptelik van 15:00 tot 18:00 geduur en Wasserman en sy span het vooraf sowat 1 000 wegneemhouertjies vir die bediening van die sakramente bestel. Die eerste motors het al teen 14:40 op 'n snerpend koue Gautengdag begin toustaan en die laaste lidmaat het om 17:58 opgedaag, het Wasserman op Maandag 15 Junie via Zoom aan *Kerkbode* vertel.

“Wat vir my swaar was, was die magdom mense wat gehuil het,” het Wasserman gesê. Hy sê vele lidmate is baie een-

saam in die grendeltyd. Die skielike kontak – selfs van agter 'n masker en binne 'n motor – was vir vele “soos 'n damwal wat breek”.

Wasserman vertel hy het hulp gehad van die afgetrede ds Jannie Pelsler, asook prop Adelle Swanepoel, 'n “uitstekende teoloog” verbonde aan die gemeente. “Ons moedig lidmate aan om regtig te sê wat hulle voel,” het Wasserman verduidelik en gebieg dat die sowat 100 interaksies wat hy gehad het, ook vir hom emosioneel uitputtend was.

Die dominees het by elke voertuig se insittendes inge-“check” oor hoe dit met hulle gaan, vir hulle gebid, die nagmaal ingestel en daarna kon die lidmate die brood en sap wegneem of op die perseel gebruik.

Sowat 300 volwassenes het die diens bygewoon en die gemeente beplan 'n soortgelyke opvolgdiens omdat Wasserman glo dat hierdie soort saamwees 'n waardevolle aanvulling tot goed soos video- en oudiopreke gedurende die grendeltyd bied. – **Le Roux Schoeman**

# 'Treursang' oor André de la Porte se selfdood

JACOBIE M HELENA

“**A**ndré se hart is nou heel en hy is vry van die depressie wat hom gevang geou het.”

Só sê Annette de la Porte, weduwee van dr André de la Porte, op die voorafopgeneemde gedenkdien van André, wat op 30 Mei 2020 homself by hulle huis in Bellville om die lewe gebring het.

De la Porte, 'n voormalige predikant in die NG Kerk, medestigter van PEN, 'n middestadbediening in Pretoria, en stigter van HospiVision, 'n organisasie wat pastorale sorg in hospitale gee, was volgens Annette vir 35 jaar 'n kroniese depressielyer. “Ons het geweet dat die lewe kosbaar is en dat dit iets is wat enige oomblik deur ons vingers kan glip,” vertel Annette oor André se worsteling met depressie.

Prof Daniël Louw, emeritusprofessor aan die Universiteit Stellenbosch en goeie vriend van De la Porte, het die prediking tydens die diens waargeneem. Hy het begin deur te sê dat dit nie 'n gewone preek is nie, maar eerder 'n treursang oor André se dood te midde van 'n treursang van die huilende Christus. Louw het De la Porte geprys vir sy roeping om sorg en bystand vir gebroekenes en siekes te gee.

In die diens, wat ook op 12 Junie op HospiVision se webtuiste gelaai is en teen 2 Julie sowat 225 keer via YouTube gekyk is, lees Annette voor uit haar boek, *Hold unto Him*, waar André in die voorwoord oor sy stryd met depressie geskryf het: “In die 33 jaar wat ek met depressie geworstel het, het ek telkens gewonder of die son weer sal skyn. Depressie is vir my nie die teenwoordigheid van iets nie, maar eerder die afwesigheid van lig en

liefde. Ek het in die pikdonker tye baie daaraan gedink om my eie lewe te neem. Depressie was meestal vir my 'n donker-grys leemte wat my telkens uitgenooi het om net oor te gee en in die grysheid te versmelt. Dan sal die pyn net ophou,” skryf André.

Annette vertel dat hulle lewe gereeld tot stilstand gekom het tydens die groot depressiewe episodes wat André beleef het. Sy beklemtoon dat depressie 'n siekte is wat dikwels op neergekyk en verkeerd verstaan word. Annette vertel dat depressie, as die pandemie van die tyd,

'n stil pandemie is waarvoor mense dikwels skaam voel en nie hulp voor kry nie. Sy brei uit: “Gee André se selfdood nou vir ons die toestemming om ons eie lewe te neem? Nee. Elkeen van ons het die verantwoordelikheid om lewe te kies. Selfdood moet nie op ons spyskaart van opsies wees nie. Ek en

André het dikwels oor selfdood gepraat om dit as 'n opsie uit te skakel. Ek weet nie wat daardie Saterdagmiddag gebeur het nie. Ek weet nie wat André se gees en siel op daardie oomblik gebreek het nie. Ek respekteer sy keuse. Wat ek van jóú vra, is om die verantwoordelikheid te neem en léwe te kies. Om die verantwoordelikheid te neem om nie onnodig te ly nie. Om nie jouself te beperk deur te glo dat jy nie medikasie kan neem nie. Dit is 'n leuen. Net soos jy medikasie vir hoë bloeddruk, 'n hartprobleem of 'n ystertekort sal neem, moet jy medikasie vir depressie neem omdat dit 'n fisiese tekort in jou liggaam is wat geestelike, fisiese, sosiale en mediese aandag verg,” sê Annette.

André word deur Annette, hulle twee dogters Githa en Danica, skoonseuns Simon en Sean, en een kleinkind, Lucy-Antoinette, wat drie dae voor André se dood gebore is, oorleef.



# Pieter Bingle (81) sterf: “Hy was 'n besondere pastor,” sê FW de Klerk

JACOBIE M HELENA

Oudpresident FW de Klerk het hulde gebring aan dr Pieter Bingle na dié emerituspredikant in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) op 28 Junie na 'n lang siekbed oorlede is.

“As my predikant in die Kaapstad-gemeente het hy naby my en my gesin geleef en was hy 'n besondere pastor. Sy preke op Sondag was 'n belewenis. Nie net vir die geestelike inhoud daarvan nie, maar ook die wyse waarop hy Afrikaans laat leef het. Sy woordspel was uniek,” het De Klerk op 29 Junie aan *Kerkbode* gesê.

Bingle het destyds met De Klerk se

inhuldiging as staatspresident op 20 September 1989 die prediking behartig. De Klerk sê dit was vir hom 'n besondere herinnering en dat Bingle met sy preek die hele land aangegryp het. Hy vertel dat hy en Bingle reeds vanaf hulle universiteitsdae af 'n pad stap.

Ds Johan Fleischmann, Bingle se opvolger by die Gereformeerde gemeente Kaapstad, bevestig Bingle se gawe met woorde. “Hy het 'n gawe gehad om dinge mooi te sê. Ek

onthou een van sy gunsteling-sêgoed: ‘As jy dink dat jy God kleingekry het, dan het jy Hom klein gekry.’”

Dr Frits Gaum, voormalige redakteur van *Kerkbode*, was ook 'n huisvriend en voormalige buurman van Bingle.

Gaum vertel dat die NG Kerk die Here kan dank vir Bingle se lewe en werk. Gaum brei uit: “Hy was 'n gereelde rubrieksrywer in *Kerkbode* en was die samesteller van 'n pragboek oor die sendelinge (of ‘donkies’) wat destyds vir die NG Kerk aan die Sendinginstituut op Wellington



opgelei is. Een van sy groot vriende, wyle ds Japie du Plessis, was juis ook 'n ‘donkie,’ vertel Gaum.

Gaum onthou ook hoe Bingle hom, as NG predikant, genooi het om in die GKSA te preek: “Destyds was dit baie selde dat predikante van die NG Kerk in die GKSA gepreek het. Maar Pieter het my uitgenooi en ek was een van die min NG's wat 'n keer of wat in die GKSA kon preek,” vertel Gaum.

Fleischmann sê Bingle was 'n kerklike reus wat nie net diep spore in die kerkgemeenskap getrap het nie, maar ook in die breër gemeenskap, spesifiek op die Kaapse Vlakte waar hy 'n besondere bydrae gelewer het, vertel Fleischmann.

## Digitale oorgang

Oplettende lesers sal sien dat ons in hierdie uitgawe die meubels ietwat rondgeskuif het. Die gereelde middelblad-rubrieke, “Op die kerkstoep” en “Gedagtes oor kerkwees”, kan wel gelees word in die *Kerkbode*-toepassing en by [www.kerkbode.co.za](http://www.kerkbode.co.za) (klik op die Rubrieke-skakel in die navigasiekolom), maar maak hierdie week in die gedrukte uitgawe plek vir ander stemme.

Ons moedig *Kerkbode*-lesers vir twee redes aan om ons gratis toepassing (app in plein taal) af te laai en/of ons webwerf te besoek.

Eerstens omdat ons toenemend maniere vind om stories op daardie platforms sinvol aan te vul. Dink maar aan die heerlike gesprekke wat Jaco Strydom met elk van sy profiel-onderhoude voer en wat ons as podsending tesame met sy rubrieke publiseer. Of dink aan die voorbladberig oor ’n Covid-kooropvoering ... Dis mos gewoon iets wat ’n mens met oorfone aan wil lees!

Die tweede rede gaan verder as die argument dat die internet dikwels vir storievertellers ’n meer veelsydige medium is. Dit hang eerder saam met die volhoubaarheid van ’n nuusdiens soos ons s’n. *Kerkbode* wen (min of meer) elke maand nuwe aanlynlesers en verloor (baie beslis) elke jaar intekenaargemeentes op die gedrukte koerant. Sonder uitsondering, vir meer as ’n dekade al. Dit is g’n verrassing nie en ons omarm die moontlikhede van digitale kommunikasie en hardloop dit op vele maniere tegemoet, omdat ons weet dit is onsinnig om in die internet-era ’n handelsmerk aan een medium (papier) te koppel. Ons webgehoor moet groei as *Kerkbode* wil sterk staan.

## KONTAK ONS

## Teken in op Kerkbode

Jeanne van Niekerk  
E-pos: [jeanne@tydskrifte.co.za](mailto:jeanne@tydskrifte.co.za)  
Tel (Kantoor): 021 864 8252  
**Intekenare/gemeentenavrae:**  
Viona Ross  
Tel 021 864 8278. E-pos: [viona@tydskrifte.co.za](mailto:viona@tydskrifte.co.za)

## Redaksie:

Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na [kerkbode@tydskrifte.co.za](mailto:kerkbode@tydskrifte.co.za)

**Redakteur:** Le Roux Schoeman  
[leroux@kerkbode.co.za](mailto:leroux@kerkbode.co.za)  
Tel 021 864 8247  
**Joernalis:** Jacobie M Helena  
Tel 072 828 9760  
E-pos: [jacobie@bmedia.co.za](mailto:jacobie@bmedia.co.za)

**Ontwerper:** Mario Small  
E-pos: [mario@kerkbode.co.za](mailto:mario@kerkbode.co.za)

**Proefleser:** Lambert Jacobs

## Advertensies en vakatures:

Hanlie Raath  
Tel 023 342 6030; sel 072 357 8914  
E-pos: [woes@mweb.co.za](mailto:woes@mweb.co.za)

## Kleinadvertensies en amptelike nuus:

Lida Viljoen  
E-pos: [lida@tydskrifte.co.za](mailto:lida@tydskrifte.co.za)  
Tel (Halfdag): 021 864 8202

## Bemarking:

Amanda van der Westhuizen, tel 021 864 8231

## Evangelie moet deurdring tot diepe rassisme

DONS KRITZINGER

Die VSA het die sterkste ekonomie in die wêreld, die grootste rykdom. Maar die feit is dat hierdie rykdom swaar steun op twee fundamentele sondes in sy verlede: die feitlike uitwissing van die inheemse bevolking om plek te maak vir uitbreiding, en die grootskaalse gebruik van slawerny. In die eerste geval is regstelling feitlik nie moontlik nie, en wat gedoen word, is eintlik maar bitter min en tragies. Wat die tweede saak betref: Die slawe is uiteindelik op 19 Junie 1865 – ná die verskriklike burgeroorlog – by wyse van ’n verklaring nie alleen vrygestel nie, maar ook as gelyke burgers verklaar. Dié dag word sedertdien as “Juneteenth” gevier.

Die probleem is dat daar toe wel ’n einde gemaak is aan die instelling van slawerny, maar dat daar klaarblyklik nie afgereken is met die diskriminasie en kleurgevoel wat daarmee gepaard gegaan het nie. Soos iemand dit onlangs gestel het: Daar is nog altyd op ons nek gekniel. Ons kon nie asem kry nie ... Die gevolg is duidelik, en ek haal aan uit ’n artikel in *Christianity Today*, ’n evangeliese blad in die VSA:

The result of the story is a catastrophic wealth gap: The median net worth of black families in the United States today is *one-tenth* the median net worth of white families. Sixty-two percent of black children born between 1955 and 1970 were raised in poor neighbourhoods, compared to 4 percent of white children. Results for the generation born between 1985 and 2000 were even worse, with 66 percent of black children raised in poor neighbourhoods compared to 6 percent of white children. The only way to explain the story above is the persistence of racial prejudice and its enshrinement into the apparatus of government.

Rassiediskriminasie – rassisme – is die olifant in die kamer. Maar dan gaan die artikel van Timothy Dalrymple (die hoof-uitvoerende beampte van die tydskrif) voort om aan te dui dat die kerk in die VSA ongelukkig nie alleen voordeel getrek het uit die slawerny nie, maar aandadig was aan die ideologie wat dit onderlê en gelegitimeer het. En selfs ná die afskaffing van slawerny het hierdie teologie nog voortgegaan om Bybelse goedkeuring vir rassistiese houdings te voorsien: Mense is nie gelykwaardig nie. Mense van kleur is minderwaardig. Geen gelykstelling nie.

Die laaste term klink bekend, nie waar nie. Dit was die een onroerbare hoeksteen van die sosiale beleid in ons

geliefde land. En dit was nie eers vanaf 1948 so nie, maar vanaf die eerste jare van die stigting van ’n “verversingspos” aan die Kaap van Goeie Hoop. Van die eerste dag af in 1652 het die Europese besoekers (ironies genoeg self laer klas mense) neergesien op die inheemse Khoi wat hulle ingewag het. En gelukkig (?) is daar spoedig (gekleurde) slawe ingevoer wat die swaar werk kon begin doen. Van die begin af was daar geen gelykstelling nie (al was daar aanvanklik vrye seksuele vermenging!). Die fondament was gelê vir wat bekend geword het as “die Suid-Afrikaanse lewenswyse”.

Van vroeg af was daar wel mense wat hierdie houding probeer versag het deur die slawe en inheemse mense te evangeliseer en so in die kerk te laat opneem, maar hulle moes teen die stroom swem. Toe die eerste Europese sendelinge vroeg in die negentiende eeu boonop openlik teen die heersende houding standpunt ingeneem het, was



die vet in die vuur. Hulle standpunte, soos ook die latere vrystelling van die slawe en die algemene beleid van die koloniale regering, was van die belangrike beweegredes vir die Groot Trek. En “geen gelykstelling” was ingeskryf in die beleid van die Boererepublieke.

Nie almal het getrek nie. Die Kaapse Kerk het nogal skerp van hierdie aksie verskil. Maar twintig jaar later (1857) moes hierdie kerk ook toegee aan “die swakheid van sommige” en word die stigting van ’n aparte kerk vir die gekleurdes (hoewel sprekers van dieselfde taal) in beginsel aanvaar. Wat was hierdie “swakheid”? Rassisme.

Dit is nou al amper 200 jaar later. Het die kerk intussen hierdie “swakheid” uitgeroei? Nee. Intendeel, vir die grootste deel van hierdie eeue was die (Afrikaanse) kerke die groot verdedigers van hierdie swakheid. ’n Sendingbeleid, ten diepste gebaseer op hierdie rassistiese swakheid, het afsonderlike kerke ten gevolge gehad, en dieselfde teologie het die (idealistiese, maar wrede) rassistiese beleid van afsonderlike ontwikkeling, oftewel apartheid, ondersteun. Teenstanders van hierdie teologie (van binne en van buite) is verketter, al

het die waarheid en goeie teologie uiteindelik geseëvier. Mettertyd moes teensinnig toegegee word dat juis die apartheidsteologie, die teologie van die status quo, die teologie ter beskerming van rassisme, eintlik die ketterse teologie was.

Dit was baie moeilik vir die kerk om tot hierdie oortuiging te kom. Vele lidmate het in die proses hulle rug op die kerk gekeer. Amptelik is rassisme (teen die sin van baie) veroordeel. Maar is rassisme daarmee uitgeroei? Ongelukkig nie. Dit sit te diep, dit lyk asof die evangelie nog nie tot daar kon deurdring nie. Natuurlik, ons almal weet dit is verkeerd, maar hoe praat ons as ons kuier om die braaivleisvure? Ons weet dit is verkeerd, daarom begin ons gewoonlik met die woorde: “Ek is nie ’n rassis nie, maar ...”.

Die Amerikaners is nou erg onder skoot. Tereg. Kyk net die verskriklike ongelykheid van geleenthede, van sosiale omstandighede, van behandeling deur die polisie, ensovoorts. Maar laat ons liewer nie van ons eie ongelykhede praat nie! By ons is hulle wat swaarkry net die oorgrote meerderheid, en nie die klein minderheid soos in die VSA nie. En ons moet toegee: Die oorsake vir hierdie ongelykhede is basies dieselfde, naamlik ’n ingeburgerde meerderwaardigheidsgevoel van die kant van die wittes. Wat gaan ons daaraan doen?

Ons mag nie wegstroom van die ongemaklike feit dat die soeklig geplaas behoort te word op daardie mense wat nog min of meer altyd aan die kortste end getrek het nie. Party van ons het nog net altyd alles aan ons kant gehad ... sonder dat ons dit verdien het. Ons moet erken dat miskien die grootste geluk wat ons getref het die feit is dat ons wit is. Die wêreld was vir ons oop boontoe. Dit was nie so, en is steeds nie so vir die swart mense nie. Maar ons aanvaar dit as “normaal”. Dit is normaal dat swart mense arm is, dat hulle na die periferie verstoot word, dat hulle in krotte moet woon, dat hulle kinders swak skole het, dat hulle werkloos is, en minder betaal word.

Eers wanneer ons erken dat hierdie “normaal” hoogs onaanvaarbaar is, eers dan begin die pad van regstelling. En dit is ’n pynlike pad, want dit is die regstelling van eeue se ongeregtigheid. Die feit dat hierdie “Suid-Afrikaanse lewenswyse” van ver af kom, maak ons nie onskuldig nie. Ons het die voordele daarvan ondervind. Maar die feit is: Ons is die enigstes wat dit kan (probeer) regstel.

► Prof JJ (Dons) Kritzinger is emeritus-professor in Godsdiens- en Sendingwetenskap aan die Universiteit van Pretoria.

# TERUG NA DIE TOEKOMS Pas op vir posduifsindroom

JOHAN VAN DER MERWE

**P**as op vir posduifsindroom. So waarsku 'n bekende ekonoom oor die gevolge van die inperking te midde van die Covid-19-pandemie. Posduiwe moet mos daagliks uit hulle hok gelaat word sodat hulle kan vlieg. Dit is waarvoor hulle gemaak is. As hulle lank genoeg op hok gehou word, bly hulle in die hok, selfs al word die hek oopgemaak. Dit kan maklik met mense ook gebeur – dat ons so aan die ingehoktheid gewoon raak dat ons later nie wil uit as die hek oopgemaak word nie. Dit kan selfs met die kerk ook gebeur!

Die geskiedenis van die Middeleeue vertel die hartseer verhaal van 'n kerk wat haarself in kloosters ingeperk het. Agter die hoë mure is vroomheid en teologie met groot toewyding beoefen, maar in die strate was dit chaos. Sonder die Bybel en uitgelewer aan teologiese dwalinge soos die aflaatstelsel was gewone lidmate bloot toeskouers van 'n

godsdiensspel wat in katedrale afgespeel het. Edel uitreike na ver plekke was daar wel. Die somber verhale van die kruistogte getuig daarvan. Plaaslik het die kerk egter min waarde tot die lewe van lidmate toegevoeg. Dit het 'n Martin Luther gekos om die kerk opnuut daaraan te herinner dat sy die liggaam van Christus is wat op die Woord en onderlinge verhoudings tussen mense gebou is.

Hierdie is 'n les uit die geskiedenis wat elke gemeente van die NG Kerk te midde van die huidige pandemie ter harte moet neem. Op 26 Mei het president Ramaphosa spreekwoordelik die deur van die hok oopgemaak. Die vraag is hoeveel *posduiwe* knus en tevrede in die hok bly sit omdat hulle daar met behulp van tegnologie bedien word. “Met koffie en beskuit in die hand kyk ons

nou Sondae in die gemak van ons huis kerk – dit kom nie beter as dit nie,” sê 'n getroue lidmaat onlangs.

Die vraag is of ons nie besig is om onself met tegnologie opnuut af te sonder nie. Natuurlik word die Woord deur die wonder van tegnologie tot letterlik aan die *uiterstes van die aarde* verkondig en kos en klere word wyd uitgedeel. Verhoudings en vriendskappe kan egter nie oor Zoom, Teams, Hangouts, Facebook en YouTube gebou word nie. Ere-dienste met Woordverkondiging en ander liturgiese momente kan nie in afsondering in 'n sitkamer plaasvind nie. Hoe innoverend 'n deurrynagmaal ook al mag klink, is dit teologies eintlik niks anders as 'n ander vorm van die Katolieke mis nie.

Miskien is dit nodig om weer 'n slag mooi te dink oor wat die wese van gereformeerde kerkwees in 'n tyd soos hierdie beteken. Mag ons nooit soos posduiwe knus en warm in 'n tegnologiese hok bly sit nie!

► Prof Johan van der Merwe doseer kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.

“Die vraag is hoeveel posduiwe knus en tevrede in die hok bly sit omdat hulle daar met behulp van tegnologie bedien word.”



NUWE  
stemme

## Komaan, wees eerlik!

JAMES KIRKPATRICK

**V**ir baie jare al het ek die voorreg om elke Dinsdagoggend vroeg, voor werk, 'n gespreksgroep van 'n paar prokureurs by hulle kantoor te lei. Gewoonlik lei ek die gesprek in met so 'n 10 minute oorsig oor 'n tema. Dinsdag praat ons toe oor hoop, waarskynlik een van die mees misverstande konsepte in die Christelike geloof. Vir meeste is dit maar een of ander variant van optimisties wees. In my inleiding tot ons gesprek leun ek toe swaar op die werk van Stuhlman en Kim wat die profetiese literatuur sien as betekenisvolle uitdrukking van hoop. Ek verduidelik toe mooi vir die regsgeleerdes dat hoop by die profete onder andere beteken om nie weg te skram van die brutale werklikheid nie, maar terwyl jy die probleme in die oë kyk, is jy besig om byna vermetel 'n nuwe toekoms te bedink. Mooi teologies verpak ek toe hierdie uiters relevante tema vir ons tyd.

Ek deel ook die skildery van GF Watts uit 1886 met die titel “Hope” met die groep en ons praat oor GK Chesterton se opmerking dat die skildery van die nie-imposante vrou met die geboë hoof eerder “Despair” genoem moet word. Op 'n stadium in ons gesprek sit Jan terug in sy stoel en asof hy 'n oomblik van openbaring beleef sê-vra hy: “Met ander woorde, Bybelse hoop is iets soos opgef\*k, maar gefokus!?” Niemand

lag nie, want Jan probeer nie snaaks wees nie. En almal om die tafel het onmiddellik 'n goeie idee van wat Bybelse hoop is.

Jan se woorde is 'n wekroep tot ons om eerliker te wees oor die trauma wat ons tans beleef. Ja, 'n mens moet waarderend hê vir die ongelooflike werk wat gemeentes en dominees in hierdie tyd doen, maar dit gaan nie so goed soos ons voorgee nie. Hoe kan dit met die lidmate goed gaan as die ekonomie met bykans 7% kan inkrimp? Watter enorme impak het dit en gaan dit nog op die arm mense in ons land hê? Hoe aaklig is die isolasie wat bejaardes ervaar? Hoe voel dit om magteloos te sit en toekyk hoe jou klein een-mens-besigheid ondergaan? En die effek van daai oproep waarvan Dana Snyman skryf oor die pos wat termineer – op die een wat dit ontvang en die een wat dit maak.

Ek wil van tyd tot tyd in kerklike Zoom-vergaderings uitroep: “Komaan mense, julle is nie eerlik nie. Dit gaan nie so goed nie!” In ons gesprekke moet daar ruimte begin kom vir die trauma wat ons beleef. Dalk herontdek ons saam die waarde van die klag in die Bybel. En dié soort eerlikheid sal ons help om gefokus te bly om te dien en te doen wat nou nodig is. Met groter eerlikheid sal dit met ons beter gaan.

► Dr James Kirkpatrick is predikant van die NG gemeente Stellastraat in Pretoria.



GF Watts se skildery met die titel “Hope”.

Ons hoor graag van jou. Besoek [www.kerkbode.co.za](http://www.kerkbode.co.za) en klik op die Briewe-skakel in die navigasiekolom en volg die eenvoudige aanwysings om 'n brief vir publikasie via ons nuwe aanlyninvolvorm te stuur. Helder en bondige briewe geniet voorkeur by publikasie.

## Oor beoogde formulier vir die bevestiging van burgerlike verbintnisse

**Dr Henrietta Klaasing van Randfontein skryf:**

Besluit 10 van die AS 2019 betreffende selfdegeslagverbintnisse verwys.

God se volmaakte plan vir egverbintnisse en hulle nageslag kry ons in Genesis 1 en 2 voor die sondeval. Dit is dus nie deur mense geskep nie, maar deur God ontwerp. God het hulle as man (Hebreeus "ish") en vrou ("ishah") geskep om mekaar aan te vul en by te staan. Adam en Eva is die oorspronklike egpaar, as familie geskape met die vermoë om voort te plant. Die ideale gesin is nie poligamie of promiskuiteit, die hou van minnaresse of byvroue nie, nie buite die huweliksband of egbreuk nie. Dit is nie 'n selfdegeslagverbintnis nie.

Die bestaande formulier begin deur te verklaar dat die huwelik deur God ingestel is toe Hy aan die begin gesê het: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie; Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke" (Gen 2:18). Jesus as Seun van God (en mede-Skepper) gee gesag aan die eg as instelling van God deur daarna te ver-

wys in Matteus 5 en 19. Dit is 'n verbond gesluit in die kerk voor God en sy gemeente as getuies.

Om kinders te hê word ook genoem in die huweliksformulier: "Maak hulle groot met die dubbele versekering: Ons is gebore uit die liefdesverbond tussen ons ouers en ons leef as huisgesin uit die genadeverbond wat die hemelse Vader met sy kinders in stand hou."

"Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word" (Gen 2:24), verduidelik dat hulle twee nou een word, een in die gesin, met bepaalde doelstellings en in eenheid. God het die mensdom geskape, en toe het Hy die huwelik geskape. Die Bybelse egverbintnis en familie is 'n Goddelike instelling. "Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: 'Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit.'" In 'n verbintnis tussen persone van dieselfde geslag kan kinders nie verwek word nie. Dit sal egbreuk wees wanneer kinders deur een van die persone in 'n selfdegeslagverbintnis met per-

sone van buite se hulp verwek word. Die norm en standaard vir al die huwelike in die Bybel is heteroseksueel. Hooglied beskryf 'n heteroseksuele liefdesverhouding tussen 'n man en 'n vrou met die oog op 'n egtelike verbintnis op verbondsbeginsels. Jesus se geslagsregisters is gebaseer op heteroseksualiteit.

Formuliere is plegtige eedsverklarings wat in 'n kerk voor God en voor 'n gemeente gesluit word. In die NG Kerk is daar formuliere vir belydenisaflegging en huwelike, bevestigings van die ampte en by die sakramente van die Nagmaal en doop. Deur 'n formulier op te stel vir selfdegeslagverbintnisse word dit op dieselfde vlak gestel as reeds bestaande formuliere in gereformeerde kerke.

Gaan u as ATLAS verantwoordelikheid aanvaar vir punt 10, wat indruis teen dit wat die Bybel leer aangaande die huwelik en wat tans as formuliere beskou word in die NG Kerk? Hoe kan die beoogde verbintnisse kerklike instellings wees? Hoe gaan dit Bybels gefundeer word?

## Die dood van my kamermaat

**Okkie Stander, hoof van Huis JJ Watson in George, stuur hierdie indrukstuk nadat een van die inwoners van hierdie Badisa-aftreeoord se inwoners onlangs oorlede is en Stander begin wonder het hoe dit vir die oorledene se kamermaat moet voel om so "agtergelaat" te word.**

Dit is winter en die reëndruppels val saggies teen die kamervenster. Soos die druppels teen die ruit afloop vorm dit sulke lang trane tot dit oor die rand van die vensterraam verdwyn.

Ons is vir die afgelope drie jaar saam in die kamer. Ons het lekker gesels en baie gelag oor al die sêgoed van die kleinkinders. Haar agterkleindogtertjie is 'n bondeltjie vreugde en as hulle ouma kom besoek, het sy my bederf met 'n drukkie.

Skielik het alles begin verander. My kamermaat het 'n ligte beroerteaanval gekry, en sy kon nie meer terug groet as ek soggens môre sê nie. Ek dink sy het weer 'n beroerte gekry, want nou het haar mond net oopgehang en sy kon glad nie praat nie. Dit raak al meer onverstaanbaar vir my. Daar is nou aangekondig dat ons in 'n grenelstaat is. Wat is dit? Skielik dra die versorgers handskoene en maskers. Dit lyk snaaks, maar ek verstaan nou nog minder. Die besoeke van haar kinders het opgedroog en ek mis die bondel vreugde en drukkie van die swartkopdogtertjie. Sy het harder begin asemhaal en die gordyn tussen ons twee is toegetrek. Weer maak ek maar my eie afleidings. Vrydag was haar seun hier. Hy het soos 'n marsmannetjie gelyk met al die jurke, handskoene en maskers. Ek kon sien hy is baie hartseer en het net vir my gewaaie toe hy weer loop.

Toe gebeur dit waarvoor ek nog altyd gevrees het. Die suster en twee in uniform storm die kamer binne en die gordyne word toegetrek. Hulle praat nie met my nie. 'n Ruk later stoot 'n man 'n trollie in en laai haar liggaam daar op. Toe weet ek. My keel trek toe en die lang traan soos 'n reëndruppel rol oor my wang. Ek is alleen.

Skielik word haar beddegoed afgetrek en saam met haar klere in swart-sakke gedruk. Die matras word afgehaal en die hele bed word met 'n spuitkannetjie gespuit. Ek is nog steeds alleen. Die afskeid van 'n kamermaat sou sagter gewees het as iemand net langs my kom sit het en met my gepraat het. 'n Koppie warm tee sou my gekalmeer het. Nou lê ek alleen in die koue onpersoonlike kamer en wonder oor so baie dinge terwyl ek vanaand iemand mis om net nag te sê. Sien my ook raak, want ek leef mos nog.

## Die kerk en tabak en rook?

**Dr Bernard Ficker van Somerset-Wes, skryf:**

Dr Johan van den Heever meen in "Kerk moes praat oor verbod op drank, tabak" (*Kerkbode* 12/6) "dit sal seker vreemd klink indien die kerk sou vra dat hulle lankal reeds tabak en drankverkope moes toelaat?". Ja, dit sou in die meeste ore besonders vreemd klink, want dit is mos die geldryk drankhandelaars en tabakmaatskappye se taak en nie die kerk s'n nie, of hoe?

Kort na die oopstelling van drankverkope het die hospitale berig dat hulle innames weens messtekery, dronkbaaiery en huishoudelike geweldbeseerings weens drankmisbruik drasties gestyg het. Vele beddens, hospitaalgeriewe en mediese personeel wat vir Covid-19-gevalle gereserveer was, moes skielik

aan die tragiese gevolge van drankmisbruik toegesê word. Die slagting op paaie het skielik volstoom begin, tot so 'n mate dat die premier van die Oos-Kaap gepleit het dat die verbod op drankgebruik weer ingestel word in sy provinsie.

Volgens die Bybel is die liggaam die tempel van die Heilige Gees. Drank benewel die verstand en verander dikwels die Godgeskape mens in 'n duiwel wat van sy sinne beroof is. Rook is 'n proses van stadige selfdood waar jou lewe met tot 20 jaar verkort word. Die kerk moet eerder ondersteuningsmaatreëls daartel wat mense, en veral lidmate, help om van hierdie dwelmverslawings ontslae te raak.

Ernie Rex, wat vir 42 jaar 'n strawwe roker was, het die wêreldbekende "5-dag-rookstaak-plan" in Afrikaans op die web vasgelê, waar dit gratis op You-

Tube beskikbaar is. Die plan word erken deur die Amerikaanse kankervereniging en hartstigting.

Die program neem rokers deur die stappe om gewoontes te verander. Hulle word geleer om hulleself sielkundig te motiveer en 'n paar aanpassings in hulle leefstyl te doen, asook hoe om op 'n sinvolle wyse hulle rookroetine te breek. Die lesings is slegs een uur per dag. Dit kan ook op 'n interaktiewe Zoom-basis bygewoon word. Selfs nie-rokers kan daarby baat sodat hulle andere kan help om op te hou rook.

Soos prof Elvis Irusen bevestig het, begin die cilia in 'n mens se longe na slegs 'n paar dae sonder rook weer herstel en kan jy tot 20 jaar by jou lewensverwachting voeg as jy ophou rook. Dan kan jy jou klein- en agterkleinkinders nog leer ken.

**Die volgende Kerkbode verskyn op 14 Augustus 2020.**

**Besoek gerus [kerkbode.co.za](http://kerkbode.co.za) vir nog lesersbydraes.**





Jaco Strydom gesels met Reggie Peace

# Die kreatiewe vredemaker

JACO STRYDOM

“**E**k het nie ’n plek gehad om te bly nie, ek bedoel, ek kom hier met net twee swart-sakke in Johannesburg aan en ’n droom om iets van my lewe te maak. Maar dis waar alles begin het. Johannesburg was beautiful en tough, maar Johannesburg het ook ’n groot rol gespeel in die Reggie wat ek vandag is,” vertel Reggie Peace.

Deesdae is hy ’n skrywer en akteur wat die afgelope tyd te siene was in reekse soos *Spreeus*, *Huis Lelieveld* en *Generations*. Sy tweede musiekvideo, “Kos op die tafel,” het pas verskyn.

Reggie het ’n passie om met groepe jongmense te praat en hulle deur sy eie verhaal en musiek aan te spoor en te motiveer om te ontdek wie die Here hulle gemaak het om te wees.

“Peace”, sy verhoognaam, het hy self gekies. Hy het eintlik ’n ander van. Dit was eers “Peace maker” wat iets probeer sê van sy voortdurende soeke na vrede binne homself, maar ook oor sy droom om ’n vredemaker te wees in hierdie land.

Reggie vetel dat dit dikwels moeilik vir hom is om met God te praat. “Dit voel altyd of ek met God worstel,” sê hy. Ons gesels daarvoor dat “om met God te worstel” eintlik ’n baie sentrale Bybelse gedagte is. Daar is lofliedere en dagstukkies, maar let’s face it, die Bybel is ook vol klaagliedere, donker psalms en nagstukkies.

En Reggie kén van worstel. Hy is in Port Elizabeth gebore en het saam met sy ouers en drie broers in ’n vier by vier meter sinkhuisie gebly wat sy pa self aanmekaargeslaan het.

Sy ma is dood aan tering toe hy

twaalf was. Hy sê hy vermoed sy pa is dood aan ’n gebroke hart, want hy en sy broer is kort na sy ma se dood kinderhuis toe, en sy pa was skielik heeltemal alleen. Hy is ’n bietjie meer as ’n week na hulle in die kinderhuis ingetrek het oorlede.

“My pa was ’n goeie man. My pa het altyd gesê jy is my koning, jy’s my laaitjie, jy’s Stouter se laaitjie, jy kan enigiets word. Hy was ’n motivator, maar as hy dronk was, was hy ’n ander tipe ou,” vertel Reggie.

Sport en kuns speel ’n groot rol in Reggie se lewe. “Toe ek agt jaar oud was het ek begin hardloop. Ek kon nooit iets vir my ouers gee nie, maar as ek ’n medalje in ’n wedloop wen, kon ek dit huis toe vat en vir hulle gee”.

In die kinderhuis was daar skielik ’n klomp nuwe geleenthede en Reggie het dit aangegryp. Hy vertel dat hy probeer het om aan letterlik alles deel te neem. Kort voor lank is hy aangewys as die kaptein van die OP-atletiekspan en in matriek is hy verkies op die leerling-raad.

Na skool het hy ’n paar geleenthede gekry via atletiek en het hy op die ou einde by die Universiteit van Johannesburg beland.

“Ek het op UJ begin drama swot, my sport het begin afgaan toe my drama- en musiekloopbaan begin optel.”

Hy vertel van die belangrike rol wat mentors in sy lewe gespeel het. Veral mense soos Chris Dirks van Athletes in Action.

Een van die dinge wat vir Reggie die meeste beteken het was om vir Chris dop te hou. Sy lewenstyl was sy bediening. “En hy het sy huis vir my oopge-



Reggie Peace

Foto: Liza Coetzee

maak, sy familie het my familie geword,” vertel Reggie.

Hy vertel ook van ’n tannie Estelle wat destyds by die kinderhuis was en hom later baie aangemoedig het toe hy vir ’n tyd lank erg depressief was op Stellenbosch.

“Depressie sal ek beskryf as ’n slegte stem wat beheer vat van jou kop, van die begin tot die einde van die dag,” sê Reggie en vertel dat daar altyd mense was wat hom aangemoedig het in hierdie tye.

Nog iets wat hom gehelp het, was om duidelike doelwitte vir homself te stel en om bereid te wees om onder te begin en hard te werk.

Hy vertel hoe hy na hy ’n klomp rolle in bekende TV-reekse gespeel het, op ’n dag by ’n plek begin werk het waar hy swaar goed agter die skerm moes rond-dra.

Vandag woon Reggie saam met ’n groep uiteenlopende jong werkende

mense en studente in ’n huis langs Melville Kruisgemeente.

Hy sê hy het ’n stuk rustigheid gevind. “Vir die eerste keer in my lewe het ek my drome neergeskryf, vir die eerste keer het ek geleer om stil te wees, net te skryf en te luister en dinge in my lewe te laat gaan.” Die ondersteuning van die ander mense in die huis help hom baie en die feit dat hulle hom sy spasie gun.

Vir die eerste keer is Reggie Peace at peace. Wel soort van, want die stilte en die lockdown het ook ’n nuwe kreatiwiteit in hom wakker gemaak wat hom deesdae op ander maniere laat wakker lê. Reggie is ’n man wat kan groot droom en dinge wil doen.

Sy oë blink as hy vertel van al sy nuwe planne en saggies by myself bid ek dat die ou se drome asseblief tog waar sal word en dat baie jongmense in ons land nog by hom sal aansteek, en dit ook sal regkry om weer te begin droom.

## GESTUUR

LOURENS BOSMAN

**E**en van die skrikwekkendste dinge wat tydens die piek van Covid-19 in Italië en New York gebeur het, was dat dokters moes “God speel”: Hulle moes besluit wie word behandel en wie nie, wie sterf en wie leef. Die besluit om mediese sorg aan ’n persoon in ’n kritieke toestand te gee of te weerhou, is ’n besluit oor lewe en dood.

Ek hoor al meer soortgelyke vrae by medegelowiges soos wat die Covid-19-pandemie hier by ons toeneem en gevaarliker raak: Hoe sorg ek vir die mense wat God aan my toevertrou het? Vir die huishoudster wat met ’n taxi inkom, vir die mense by my werk, vir my bejaarde ouers?

Soms is dit maklik om hieroor ’n besluit te neem: Dit is ongerieflik om

## Besluit om te sorg in ’n gevaarlike tyd

sonder ons huishoudster klaar te kom, maar ek gaan haar nie blootstel om elke dag in ’n taxi te klim nie. Soms is dit egter moeilik: As my mense nie werk nie, het ons besigheid geen inkomste nie en kan ek hulle nie betaal nie. Hoe sorg ek vir hulle veiligheid én lewensonderhoud? of: My ouers is eensaam maar ook kwesbaar. Hoe sorg ek vir hulle?

Daar is nie eenvoudige antwoorde oor sorg in ’n krisistyd nie; die etiek van sorg kan baie kompleks wees. Dit werk nie met abstrakte voorskrifte en formules nie, met: “as dit, dan dat” nie. Dit vra vir praktiese wysheid in die regte lewe waar jy ’n klomp faktore in ag moet neem. Die gevolge is nie altyd duidelik nie en daar is ook nie altyd ’n “regte”

besluit nie, meestal net die “beste” besluit wat jy kan neem met die insigte wat jy nou het.

Hoe weet ’n mens dan wat is die beste ding om te doen?

Die eerste besluit wat jy moet neem, is om wel te sorg. Sorg is een van die mees fundamentele dinge wat gestuurde mense doen. Ons kan nie anders nie, want God is by uitnemendheid die Een wat sorg. Gestuurde mense volg hierin vir God. Die mense na aan jou, dié wat God aan jou toevertrou het, is jou eerste verantwoordelijkheid.

Die leidende vraag oor “hoe sorg ek?” is dan: Hoe kan ek inval by wat God doen? Hoe is God hier teenwoordig en hoe volg ek Hom?

As ’n mens dit doen, bewaar dit jou

daarvan om jou eie belange voorop te stel. Dit beskerm ons ook van die donker kant van sorg, naamlik om baas te speel oor mense. God se sorg sluit altyd mense in en ontnem mense nie van hulle eie verantwoordelijkheid nie. Jesus leer ons ook van selfopoffering en ons sien hoe Hy mense hulle waardigheid laat behou. Jesus leer ons om barmhartig te wees soos wat God barmhartig is.

Om in hierdie tyd oor mense te besluit, kan jou nogal bang maak – dit kan iemand se lewe kos. Ons weet eenvoudig nie altyd wat die “regte” besluit is nie. Maar dit help om te vra: Hoe volg ek die barmhartige God wat sorg?

► Dr Lourens Bosman is die algemene bestuurder in die kantoor van die Algemene Sinode.

# Geliefde leraar (wat voorblad gehaal het oor boeie-sage!), tree af

**Dr Francois Hanekom, stigtersleraar van die NG gemeente Melkbosstrand, wat ná 38 jaar vrugbare diens in dié gemeente finaal die kansel vaarwel toegeroep het, was geen ortodokse, doodgewone herder nie – nes die sjarmante / elegante / pikante (kies jou eie woord) Riana geen bloudruk van 'n tradisionele Mev Dominee was nie. HENNIE VAN DEVENTER vertel meer.**

**H**ulle was altyd en is steeds ... wel ... net Francois en Riana (of "Pop", soos hy haar noem).

Oor pastoriepare se verdienste kan nogal in gemeentes uiteenlopende oordele voorkom. Waaroor Melkbossers dit bankvas eens sal wees, glo ek, is oor dié twee se warmte menswees. Die Hanekoms het jou laat voel die wêreld is 'n gawe plek wat bewoon word deur goeie, wellewende medemense op wie jy altyd sal kan staatmaak, al raak dinge rof.

Veral ouer mense en platgeslaandes het Francois intens só beleef. Bejaardes het aan sy lippe gehang as hy vir hulle een van sy geliefde psalms lees. Gebro-

kenes het graag onder sy vlerk skuiling gesoek. Geen wonder nie dat gedenkdienste een van sy fortés was. Hy het die kuns bemeester om – voor die laaste kluitklap op die kis as 't ware – met 'n unieke mengsel van deernis en humor die hartseer naasbestaandes so op te beur dat hulle selfs glimlaggend die kerk verlaat vir die tradisionele toebroodjies ná die diens.

Gemeentelede sal seker ook saamstem dat Francois buitengewoon kreatief is. In woord en daad. Hy is lief vir alliterasie, byvoorbeeld "klinkergeloof" teenoor "kluitgeloof". By hom het die gemeente gehoor van "kat-teologie" en

"honde-teologie", van God se "ICU" (I see you), van "ballon-Christene" (wat van doer bo op ander neerkyk) en van manne se "meno-Porsche".

In 'n stadium was die gereelde FvH op die skerm ewe bekend as sy rooi Shopritesak met lekkertjies vir die kinders. FvH staan vir "faks van die hemel". Hy was ook die vader van die begrip "preek in 'n woefkardoes" (ietsie op skrif om saam huis toe te vat).

Hulpmiddels soos ballonne wat bars, inspuitnaalde, vermommings en allerlei uit "Pop" se kombuis was het sy prediking opgehelder – soms tot "Pop" se konsternasie. Sy is nie een wat haar onbetuig laat nie. Francois kon net verleë glimlag wanneer sy van die orrel, in die beginjare nog op die galery, se kant af raas.

"Ek sal hom 'vrek' maak," het die verontwaardigde "pastoriemoeder" een oggend oor haar skouer van haar orrelstoeltjie af gedreig toe hy een van haar

duur Pyrexbakke op die kansel uithaal om 'n punt tuis te bring. So ver het sy darem nie gegaan nie. Waaraan sy wel skuldig was, was om stilletjies 'n plakker met die woorde "slow cooker" op die agterkant van sy baadjie te plak. Oral waar hy daardie aand huisbesoek gedoen het, was die glimlagte buitengewoon breed!

Kreatief wees, is natuurlik alles goed en wel. Maar wee die kreatiewe een as die "onvoorsiene" insluip. Een Sondag wou die leraar die houvas van die sonde demonstreer. Vir dié doel het hy by die polisie boeie gaan leen. 'n Tienjarige gemeentemeisie, Sharleen Brider, kom toe dapper as vrywilliger vorentoe. Sy hou haar hande uit en die boeie klik.

Toe die moles. Die sleutel wil nie werk nie. Die gemeente hou gespanne die gesukkel dop. Een of twee begin proes. Die geproes word lagbuie wat deur die kerk spoel. Die boeie bly egter hardnekkig verseg om oop te gaan.



Die Hanekoms en hulle vier seuns (van links), Jannie (44), Jimmy (43), Andor (35) en Francois (40). Jannie woon in New York.

Foto's: Verskaf

Die koster gaan skakel later die polisiehoof. 'n Geregsdienaar hou met die vangwa voor die kerk stil – natuurlik met skreeuende bande! “Pop” speel en speel verbete. Die gemeente lag al hoe harder terwyl hulle dominee en die verskrikte Brides-dogter geboei weggebring word polisiekantoor toe. Daar word die regte sleutel darem gevind.

Die volgende môre het Francois *Die Burger* se voorblad gehaal!

Later kon hy maar net saamlag. Een van sy talente is immers sy verfrissende humor, wat soos 'n fonteintjie uitborrel. Dit het hom soms avontuurlik en ondeund gemaak. Van sy preke het die gemeente laat regop sit. Ons het nog regopper as gewoonlik gesit toe ons een oggend sy preektema verneem: “Hou jy van striptease?” Natuurlik laat so 'n verrassende tema lidmate wonder: Wat voer onse leraar dié keer in die skild?

Aan die orde was die storie van Noag, die wynboer, wat te diep in die wynsak gekyk het. In Genesis lees ons hoe hy kaal in sy tent sy roes gaan afslaa, en van sy seuns Sem, Gam en Jafet, se verskillende reaksies op hulle pa se verleentheid. Gaan lees gerus in Genesis 9:20-29 oor Gam se onverskilligheid. Dit het hom duur te staan gekom, en goed so.

Francois het daardie oggend nog 'n “verrassinkie” vir sy gemeente gehad. Terwyl almal nog wonder wat die striptease-preek kan oplewer, toor hy as dalk sy sonderlingste hulpmiddels ooit 'n rooi bra en wit mansonderbroek onder die kansel uit. Njannies. Jy kon as 't ware hoor hoe na asems gesnak word.

Maar, natuurlik, was alles sommer net oëverblindery. Die Noag-preek het 'n geheel ander wending geneem. Die gemeente het aandagtig geluister na 'n oproep om nie mense verbaal kaal te stroop deur hulle oomblikke van swakhede vir openbare sensasie te ontbloot nie.

Hy haak toe aan by 1 Korintiërs 13 oor die liefde wat alles bedek, en moedig ons aan om in liefde ook so 'n bedekkende “dak” op te sit oor ander se skades en skandes. 'n Mooi, positiewe, opbouende en verrykende preek.

Oor die amperse misverstand wat die aankondiging van die preektema in die Nuusbrief en elders gewek het, het ek 'n speelse versie geskryf wat ek, tot sy plezier, vir Francois gestuur het:

*Doomnie stel 'n stoute wip*

*Vra vir ons: Hou jy van 'strip'?*


*Ek dink: O wee, hoe sê mens nee?*

*Toe lei hy ons op reiner weë.*

Anders as verskeie Melkbos-kollegas deur die jare was Francois, helaas, geen sanger van formaat nie. Maar – het hy sy gemeente van die kansel af ingelig – hy sing darem self ook. Dan nie met backtracks nie; hy sing sommer met sy “eie bek”. Toe sing hy falsetto 'n opgeruimde solo: Jesus roep my vir 'n sonstraat, 'n sonstraat ...

'n Sonstraat? Ja-wel, die keuse van liedjie was werklik in die kol. Waar Francois is, breek die son gou deur die wolke. Net so met Riana, die “Pop” wat hy altyd so hartroerend van die kansel af kon bedank vir haar mooi orrelspel.

► *Hennie van Deventer is 'n voormalige redakteur van Volksblad.*



Francois Hanekom en Sharleen Brides (10) wat deur die polisie van haar boei bevre moes word.

“Een van sy talente is immers sy verfrissende humor, wat soos 'n fonteintjie uitborrel.”



Francois en Riana in hulle jonger dae.



Dr. Francois Hanekom. 'n Mens vergeet maklik hoeveel honde dominees op huisbesoek moet trotseer. Dr. Hanekom is in sy 38 jaar deur 13 honde gebyt.

# 'n Bybelvertaler kyk terug op sy loopbaan

Die derde amptelike vertaling van die Bybel in Afrikaans verskyn later vanjaar by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika: "Die 2020-vertaling". Die vorige vertalings is dié van 1933/53 en 1983. Prof Bernard Combrink is die projekvoorsitter wat hierdie omvangryke taak aangepak en deurgevoer het. Die Andrew Murray-prysfonds het onlangs aangekondig dat aan Combrink vanjaar 'n spesiale Andrew Murray-toekening gegee word vir sy werk aan hierdie vertaling. FRITS GAUM het nege vrae aan hom gestel.

**Frits Gaum (FG):** Sal die 2020-vertaling, ten spyte van die Covid-19-pandemie en alles wat daarmee saamhang, nog vanjaar verskyn?

**Bernard Combrink (BC):** Die bekendstelling van die 2020-vertaling word steeds beplan vir 29 November 2020 in die Kopanong-ouditorium (Studentekerk), Bloemfontein. Indien dit later blyk dat die bekendstelling vanweë die pandemie nie soos beplan kan plaasvind nie, sal die vertaling in elk geval van dan af beskikbaar wees.

**FG:** Hoe lank is aan dié Bybelvertaling gewerk en wie was die hoofmedewerkers?

**BC:** Sedert 1991 is daar by die Kerklike Advieskomitee (Die Bybel in Afrikaans) (KABA) meermale die versoek om 'n nuwe "konkordante" vertaling geopper. KABA is die komitee wat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) oor sake rakende die Bybel in Afrikaans adviseer en waarin alle kerke wat die Bybel in Afrikaans gebruik, verteenwoordig is. Ná intensiewe navorsing het KABA op 25 Oktober 2004 die BSA versoek om met 'n nuwe vertaling te begin.

Op 17 Februarie 2005 keur die BSA KABA se versoek goed en versoek daarna die kerke van KABA om vertalers te benoem. Vervolgens gee die BSA die vakverenigings vir Afrikaanse taal-, letterkundiges en taalpraktisyns kennis dat belangstellendes aansoek kan doen om as intravertalers oorweeg te word. Gedurende 2005 word heelwat voorbereidende werk gedoen sodat die vertalingswerk amptelik in 2006 kon begin. Op 1 Julie 2019 is die vertaling deur die begeleidingskomitee aan die BSA oorhandig vir verdere kontroles en prosesering met die oog op publikasie.

**FG:** Jammer vir die vraag wat jy al dikwels moes beantwoord, maar dit is tog belangrik om dit weer te vra: Was 'n derde "amptelike" vertaling van die Bybel in Afrikaans (1933/53, 1983 en nou in 2020) regtig nodig? Waarom?

**BC:** Alle kerke wat aan KABA behoort, het nie noodwendig 'n "amptelike" vertaling nie, maar KABA maak dikwels aanbevelings oor watter vertaling(s) in die ereidiens gebruik kan word.

Alle vertalings deur die BSA poeg om aan die bronteks getrou te bly. Die "bronteks" is die naaste betroubare teks(te) wat ons aan die oorspronklike Bybelteks het (ons beskik nie oor die oorspronklike tekste nie). Vertaalkunde het egter ontwikkel sedert die 1933/1953-vertaling toe geoordeel is dat, om aan die bronteks getrou te bly, dit woordeliks vertaal moet word. Die 1983-vertaling het, soos die meerderheid Bybels van die laaste helfte van die 20ste eeu, 'n ander vertaalbenadering gevolg, 'n sogenaamde dinamies-ekwivalente vertaling. Intussen het die vertaalkunde nog verder ontwikkel.

By KABA het dit duidelik geword dat daar in Afrikaanssprekende kerke die behoefte aan 'n Bybelvertaling bestaan wat sterker aansluit by die Hebreeuse, Aramese en Griekse brontekste as die bestaande vertalings, maar tog ook die vreemdheid en andersheid van die Bybel as antieke godsdienstige teks weerspieël. So 'n vertaling wil dus nie die Bybel vir moderne lesers aanpas aan hulle eie leefwêreld nie, maar hulle eerder inlei in die tyd en leefwêreld van die Bybel.

**FG:** Wat is die belangrikste verskilpunte as die 2020-vertaling met die voriges vergelyk word?

**BC:** Hoewel die bronteks so getrou moontlik weergegee word, is dit nie 'n woordelike vertaling soos die 1933/53-vertaling nie. In die 2020-vertaling word daar groter klem gelê op die vertaling as 'n voorleesbare teks in vloeiende Afrikaans as wat by woordelike vertalings die geval is. Anders as die 1983-vertaling poeg die 2020-vertaling om die Bybelse bronteks en leefwêreld so ver moontlik te weerspieël. Die terminologie van die brontaal (soos sikkels, handbreedte, el en dagreis) word so ver moontlik gehand-

haaf. Moderne lesers se wêreld word eerder met behulp van inleidings by boeke, voetnote, kruisverwysings, sosiokulturele inligting, 12 kaarte en 'n woordeliks verbreed, om sodoende hulp te verleen met die verstaan van vreemde begrippe, metafore en beelde, mate en gewigte. Dit sluit aan by 'n ou tradisie, soos ook weerspieël in die destydse Nederlandse Statenvertaling. Daar word in voetnote soms daarop gewys dat daar ander geldige en bekende vertaalmoontlikhede bestaan, of dat daar onsekerheid is oor die betekenis van die bronteks. Besondere aandag is gegee aan die vorm van liedere en gedigte, so dat die eie aard van Bybelse poësie so ver moontlik behoue kon bly.

**FG:** Is die "direkte" 2020-vertaling dus nader aan die "woordelike" 1933/53-vertaling as aan die meer "dinamiese" 1983-vertaling?

**BC:** Ja, maar dit is beslis nie net 'n woordelike vertaling nie. "Direkte vertaling" is 'n tegniese term met 'n baie bepaalde betekenis binne 'n akademies verantwoordbare vertaalmodel. Dit wil die Bybelse spreker/skrywer uit die antieke leefwêreld se Hebreeuse/Aramese/Griekse woorde presies weergee asof in direkte rede, maar in goeie, idiomatiese en voorleesbare Afrikaans, sonder om dit aan te pas aan die leefwêreld van Afrikaanse lesers.

**FG:** Veroorsaak die baie vertalings nie verwarring onder Bybellesers nie? Watter vertaling is nou "reg" of "die beste"?

**BC:** Dit is interessant dat in die meeste vertalings in Afrikatale wat deur die Bybelgenootskap voorsien word, dieselfde ontwikkeling in vertaalbenadering van "woordeliks", na "dinamies", na "direk" te bespeur is.

**FG:** Bernard, jy het persoonlik as voorsitter 'n baie groot rol gespeel om hierdie reuse-projek enduit deur te sien. Het jy soms moedeloos geraak – jou gesondheid was ook nie altyd van die beste nie – en lus gevoel om tou op te gooi?

**BC:** Dit was aanvanklik 'n groot uitdaging om met ongeveer 179 medewerkers kontak te behou, om almal te kry om werklik die vertaalopdrag te aanvaar en hulle aan spertye te hou. Maar die verwagting van die kerke, die entoesiasme en lojale ondersteuning van kollegas (wat ware vriende geword het),



Waarmee gaan prof Bernard Combrink hom nou besig hou, wou Frits Gaum by dié vertaalkenner weet: "Om die Bybel te lees sonder om op leestekens, kodes, merkers vir voetnote en vingerglipse in die teks te moet let!" antwoord Combrink. "Dan is daar soveel agterstallige leeswerk in die teologie en letterkunde waarby ek graag sal wil uitkom."

Foto: CKE

het dit moontlik gemaak dat die projek tog deur die genade van die Here afgehandel kon word.

**FG:** Jy het jou merk as Nuwe-Testamentikus in die Suid-Afrikaanse teologie gemaak, en was ook een van die agt vooraanstaande teoloë wat die nou beroemde Hervormingsdaggetuïenis van 1980 onderteken het. Daarmee het julle die vinger gelê op seerplekke in die destydse apartheid-samelewing en die NG Kerk se traagheid om 'n duidelike stem daarvoor te laat hoor. Is daar nou ook noodigheid vir so 'n profetiese getuïenis in ons land?

**BC:** Ons leef tans in heel ander tye. Daar is vandag sekerlik nog talle seerplekke in ons huidige samelewing waarvoor daar in die NG Kerk soms uiteenlopende stemme gehoor word. Maar miskien is dit juis die daad van barmhartigheid en liefde tydens die uitmergelende droogte en die Covid-19-pandemie wat 'n ander en helder profetiese getuïenis van die NG Kerk saam met ander as deel van die liggaam van Christus lewer.

**FG:** Waarmee gaan jy jou na dese besig hou?

**BC:** Om die Bybel te lees sonder om op leestekens, kodes, merkers vir voetnote en vingerglipse in die teks te moet let! Dan is daar soveel agterstallige leeswerk in die teologie en letterkunde waarby ek graag sal wil uitkom. En dalk is daar tog vir ons "oues van dae" weer ná die pandemie meer tyd saam met ons familie en kinders beskore!

# Die ander pandemie ...

**Kerke moet opnuut kyk na 'n pandemie wat toenemend buite sig beweeg, skryf ANELEH FOURIE-LE ROUX.**

**N**a meer as 100 dae van Covid-19-grendeltyd, regulasies, steeds stygende getalle nuwe infeksies en sterftes van mense wat al nader aan elkeen van ons se eie huis en kerk kom, het niemand meer oortuiging nodig van die omvang en erns van die Covid-19-pandemie nie.

Na veertig jaar van die deesdae minder sigbare MIV/Vigs-pandemie, leef miljoene Suid-Afrikaneers nog steeds in grootskaalse ontkenning oor die omvang en erns hiervan. Dit bly gereeld 'n opdraande stryd om kerke en kerkleiers te oortuig van die kritiese rol wat kerke ook in die MIV-pandemie kan en behoort te speel. En ongesiens, bly hierdie getalle ook daaglik klim.

Natuurlik skuil die menslike immuniteitsgebrekswirus nie op winkeltrullies, kerkbanke of trapreëlings nie. En normale sosiale interaksie hou geen risiko in vir MIV-oordrag nie. MIV-oordrag vind grotendeels plaas in die privaatheid van intieme seksuele verhoudings, of in seksuele misbruik en vergrype wat meestal ook buite sig afspeel.

Daar is duidelike verskille tussen die twee pandemies, veral as dit kom by die oordrag en voorkoming daarvan, toegang tot medikasie, die kans op herstel of genesing en die dringendheid waarmee daarop gereageer word.

Vir Covid-19 kan eenvoudige boodskappe soos om jou hande gereeld te was, jou masker in die openbaar te dra en kontak met ander mense te vermy, maklik op plakkate, in liedjies en video's uitgespel word, ook vir kinders. Om oor mag, seks en seksualiteit te gesels, is veel moeiliker. En die openlike weerstand van sommige ouers en kerkleiers teen omvattende seksualiteitsonderrig in skole, bevestig hierdie ongemak.

Om die twee pandemies met mekaar te vergelyk, is nie eenvoudig nie, want MIV en Covid-19 se statistiek word nie op dieselfde manier versamel nie. MIV is 'n veel ouer pandemie wat dekades reeds wêreldwyd versprei. Die vraag is egter hoekom hierdie kumulatiewe getalle nie veel meer daadwerklike intervensies kan motiveer nie.

UNAIDS en die Wêreld-Gesondheidsorganisasie (WGO) is die twee mees geloofwaardige bronne wat jaarliks 'n gesamentlike wêreldoorsig van die MIV-pandemie gee. Hierdie getalle word terugskouend bereken en berus op 'n kombinasie van voorgeboortekliniek- en huishoudingstudies van die verskillende wêreldlande. Hierdie getalle word dan geëkstrapoleer na die groter bevolking.

Hierteenoor berus Covid-19-syfers op die uitslae van Covid-19-toetse en word daaglik aangepas soos nog uitslae bekendgemaak word. Dit sluit dus glad nie 'n

benaderde getal in vir mense wat geïnfecteer, maar nog nie getoets is nie en dit is veilig om te verwag dat die werklike Covid-19-syfers veel hoër sal wees.

Volgens die Johns Hopkins Coronavirus Resource Center was daar teen druktyd wêreldwyd reeds 11,45 miljoen mense wat positief getoets het vir Covid-19. Hiervan het byna 6,18 miljoen reeds herstel en daar was 534 273 sterftes.

Op Wêreldvigsdag, 1 Desember 2019, het UNAIDS en die WGO die 2018-statistiek bekendgemaak waarvolgens na raming 37,9 miljoen mense wêreldwyd met MIV lewe. In dieselfde jaar was daar 1,7 miljoen nuwe infeksies en 770 000 Vigsverwante sterftes.

Vir ons Suid-Afrikaanse konteks vind ons Covid-19-statistiek op die regering se webblad by [www.gov.za](http://www.gov.za). Dit toon teen druktyd 196 950 bevestigde gevalle van mense wat met Covid-19 geïnfecteer is. Hiervan het 93 315 reeds herstel, terwyl byna 3 200 ongelukkig gesterf het.

Teenoor die 103 000 aktiewe Covid-19-gevalle, was daar in 2018 reeds 7,7 miljoen mense in Suid-Afrika wat leef met MIV. In dieselfde jaar was daar 240 000 nuwe MIV-infeksies en 71 000 mense het aan Vigsverwante siektes gesterf. Hierdie sterftes beteken dat daar daaglik ongeveer 190 Vigssterftes was. Sterftes wat nie daaglik aangekondig is nie.

Om die impak en omvang van die twee pandemies met mekaar te vergelyk, het ten doel om iets van die skaal en dringendheid van beide pandemies te beklemtoon en terselfdertyd te pleit vir 'n hernude fokus op die MIV-pandemie.

Die Covid-19-pandemie en die spoed waarteen dit versprei, noodsaak ons as samelewing en kerk om met alle erns hierop te reageer, nie net op die siekte self nie, maar ook op dit wat ons in die proses van ons ongelyke samelewing en onself leer.

Die dringendheid en onmiddellike behoeftes wat hieruit spruit, beteken ongelukkig nie dat ander pandemies nie meer bestaan nie.

Reeds met die aanvang van die Covid-19-pandemie was daar 37,9 miljoen mense wêreldwyd en 7,7 miljoen in Suid-Afrika wat met MIV lewe.

Die vraag is, sien ons as geloofsgemeenskap ook hierdie onsigbare pandemie raak? Wat is die verantwoordelikheid van kerke teenoor die samelewing in die breë, maar ook teenoor ons lidmate wat met MIV lewe? Verstaan ons die nuwe uitdagings wat die Covid-19-pandemie bring vir MIV-positiewe mense? Terwyl ons self moet sin maak uit die isolasie van die grendeltyd en die afwesigheid van eredienste, mag ons ook iets meer begryp van die las wat soveel MIV-positiewe mense beleef wat in isolasie en stilte alleen dra aan hulle MIV-status?

► *Aneleh Fourie-le Roux is direkteur van die Christen-Vigsburo vir Suider-Afrika (CABSA).*

## KOMMENTAAR

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

Geagte lesers,

hou julle afstand en bly gesond – Red.



## Rou in die tyd van Covid-19

ANELIA HEESE, DUITSLAND

**E**k en my man woon al ses jaar in die buiteland. Soos 820 000 ander emigrasiegesinne, is ons geliefdes reg oor die wêreld versprei.

In Mei 2020 is my oupa in die Wes-Kaap oorlede. Twee dae ná sy afsterwe is ek in 'n hospitaal in Duitsland vir 'n breinoperasie opgeneem. 'n Maand gaan verby ... tydens my moeisame herstel, tref die trauma waardeur ons as familie is, my. My ouma kon nooit van haar lewensgenoot afskeid neem nie. My ma kon my nie met 'n lewensgevaarlike operasie bystaan nie. Korona-in-

perkings het ons van afskeid en bystand beroof.

In Junie ontvang ek 'n boodskap van my ouma: "Ek kon nie eens my maat groet nie ... ek kon net vir oulaas by die hospitaal se ingang my elumboog teen syne druk. Hy het in sy laaste oomblikke na my geroep, en ek kon nie daar wees nie." Hierdie onbewustelike uitroep na hulp, asook die pynlike verlangete huis toe, het my genoep om op 'n unieke manier na my familie uit te reik.

Ek het 'n "virtuele gedenkdienst" vir my oupa saamgestel deur huldeblyke via WhatsApp "voice notes" te versamel,

asook 'n boodskap van ds Frik Smit van die NG gemeente Albertinia.

Met die hulp van 'n boesemvriendin, woonagtig in Kaapstad, is die opnames in 'n oudiodiens verwerk. Op hierdie besonderse wyse vergader ons almal een Sondag om 10:30 – elk in ons afsonderlike sitkamer – om afskeid te neem. Ausies, Britte, Duitsers, Kapenaars, Transvalers en Boesmanlanders voel vir een besonderse uur mekaar se nabyheid aan.

Natuurlik is dit nie 'n plaasvervanger vir die fisiese nabyheid van ons geliefdes nie. Hierdie klankopname is wel, tot vandag toe, vir ons 'n bron van troos.

Die huidige era van digitale oorvloed beroof ons soms van verbeelding en introspeksie. Hierdie opname wek herinneringe – helderder as 'n slimfoonskerm – by my op: As ek my broer se stem hoor, voel ek die grein van ons ouerhuis se kombuistafel teen my knie skaaf, en die geborgenheid wat daarmee saam gaan.

Miskien is dit genade wat alle verstand te bowe gaan: God se liefde tussen ons, ten spyte van ontasbare afstand. Dit is grensloos en ontasbaar, maar onwerklik is dit ook nie. Ten spyte van hierdie grendeltyd, kan ons tog bymekaar kom, al is dit nie in die kerk nie.



# Gaum werp lig op hofsaak

**Kerk oor die muur of oor die Rubicon?** (Naledi, 2020) het pas uit die pen van Frits Gaum verskyn. In hierdie boek skryf hy oor geloof, onreg en die veelbesproke hofsaak teen die NG Kerk. **RETHIE VAN NIEKERK** het hom gevra:

**KERKBODE (KB):** Baie geluk met die publikasie van *Kerk oor die muur of oor die Rubicon?* Waaroor gaan die boek en hoekom het jy dit geskryf?

**FRITS GAUM (FG):** Die titelonderskrif van die boek lui: "Oor geloof, onreg en 'n hofsaak". Ek dink in die boek na oor my geloof 20 jaar nadat *Geloofsverklaring 2000* destyds met die oorgang na 'n nuwe millennium op inisiatief van *Kerkbode*, waarvan ek toe die redakteur was, opgestel en gepubliseer is. Glo ek (en ons) nog so? 'n Tweede saak wat ter sprake kom, is onreg in die kerk. Die NG Kerk het in die laaste dekade van die vorige eeu met groot beslistheid afskeid geneem van die onreg van apartheid, maar tog toegelaat dat kerklike onreg teen gay lidmate tot in die 21ste eeu voortduur. Hoe het dit gebeur? Twintig lidmate van die NG Kerk het die kerk ná 'n jarelange stryd oor dié kwessie hof toe geneem. Die boek vertel die verhaal van die hofsaak en gee ook aandag aan die vraag of dit reg is dat Christene mekaar hof toe neem.

**KB: Johan Buitendag beskryf die boek as 'n "geloofspelgrimstog". Brei asseblief 'n bietjie uit daarop.**

**FG:** Ja, 'n mens dink jou lewe lank oor

jou geloof na. In daardie sin is ons almal besig met 'n geloofspelgrimstog. Die heel eerste kursus van Bybelkor (deesdae Bybel-Media) het as titel gehad *So glo ek*. Ek het daarin oor die Twaalf Artikels geskryf, die geloofsbelydenis wat ons met die meeste kerke wêreldwyd deel. Dit is nou amper 50 jaar gelede dat daardie kursus die lig gesien het en baie dinge het intussen verander. Ek sal nie 'n kursus of boek oor die Twaalf Artikels presies soos destyds skryf as ek dit nou moet doen nie ... soos ook nie *Geloofsverklaring 2000* in elke opsig soos 20 jaar gelede nie. Gelukkig ook so, want as 'n mens nie verander en ook in jou geloof groei nie, is dit tragies ... dan is jy geestelik dood. So ja, dis 'n "geloofspelgrimstog" wat oor baie jare strek.

**KB: Hierdie "tog" waarvan Buitendag praat, is volgens hom ook 'n tog van selfontdekking. Wat het Frits Gaum self geleer uit die refleksie wat kom met die neerpen van so 'n verhaal?**

**FG:** Bart Nel, die hoofkarakter in Jan van Melle se bekende gelyknamige roman, het deur die storms van die lewe anderkant uitgekom en gesê: "Ek is nog hy."

Ek is "basies" nog die mens wat destyds *So glo ek* geskryf het, maar gelukkig

nie in alle opsigte nie. My pad, soos ons almal s'n, het deur baie dale en oor baie heuwels geloop, en dit laat baie spore. Wat wel waar is, en daarvoor dank ek die Here, is dat ek die geloof behou het, al is my geloof soepeler en ruimhartiger as in my dae as jong dominee wat die antwoorde op die meeste vrae "geken" het!

**KB: Jy is 'n kranige en gerekende skrywer. Wat wou jy veral in jou jongste boek dokumenteer?**

**FG:** Ek reken dit is baie belangrik dat die gegewens rondom die homoseksuele (of LGBTIQ+) lidmate se stryd in die NG Kerk gedokumenteer word. Dr André Bartlett vertel die verhaal tot op 'n punt in sy belangrike boek, *Weerlose weerstand*. In my boek lê ek die klem op die hofsaak en die gevolge daarvan. Dit was nie vir die 12 lidmate, waarvan ek een was, 'n maklike en eenvoudige saak om met die kerk hof toe te gaan nie.

Die hantering van die "gay saak" deur die NG Kerk se buitengewone Algemene Sinode van 2016 het ons egter op die ou end geen keuse gelaat nie. Dié sinode het nie hulle eie reëls nagekom nie en onreg ook teen gay lidmate laat voortduur deur hulle in bepaalde opsigte as tweedeklas-lidmate te behandel. Die hof moes regsekerheid gee en onregverdige kerklike diskriminasie ondubbelsinnig afwys. Dit het toe ook gebeur. In my boek dokumenteer ek die aanloop, verloop en afloop van dié saak.

**KB: Om op 80 so 'n werk die lig te laat sien, is nie te versmaai nie! Wat beoog jy vir die toekoms?**

**FG:** Vir my is die groot vraag nou wat die NG Kerk gaan doen om reg te maak wat verkeerd gedoen is. Die NG Kerk het hard gewerk om die bagasie van apartheid in woord en, veral, daad af te gooi. Ek het destyds die NG Kerk se belydenis en getuienis oor apartheid geskryf. Dit het ook op die tafel van die Waarheids- en Versoeningskommissie beland, en in die jare sedertdien het die NG Kerk haar daarop toegespits om van haar apartheidsverlede ontslae te raak. Nou, met die Covid-19-pandemie, speel die kerk ook 'n belangrike rol om diens te lewer. Maar wat die gay lidmate betref, is daar nog baie wat gedoen moet word. Die kerk het wel al dikwels "jammer" gesê vir wat gay lidmate en hulle families aangedoen is, maar die jammer-sê het nog nie dade van herstellende geregtigheid geword nie. Die kerk moet daadwerklik uitreik na gay lidmate en hulle in alle opsigte in die hart van die kerk verwelkom sodat hulle hulle onmisbare bydrae kan lewer. Daarvoor, vir herstellende geregtigheid, wil ek my graag beywer in die paar jaar wat, as die Here wil, nog vir my voorlê. Al is dit van die kantlyn af synde 'n afgetrede dominee wat in sommige skoene steeds 'n duweweltjie is!

● *Kerk oor die muur of oor die Rubicon?* word deur Naledi uitgegee en kan bestel word by Naledi: Tertia Swart 078 648 8616 / tertiaswart@naledi.onlne

## Bybel-Media skenk 400 boeke aan plase op Wellington

JACOBIE M HELENA

**"B**ybel-Media help ons om nie net brood vir die lyf te gee nie, maar ook vir die siel."

Só sê Evelyn van Wyk, lid van die evangelisasiespan Ambassadors of Christ Ministries (ACM), oor Bybel-Media (BM) se skenking van sowat 400 boeke op 13 Junie aan plaasgemeenskappe in die Wellington-omgewing.

Van Wyk, wat die nood op die plaasgemeenskappe in die Wellington-omgewing eerstehands beleef, het vir Bybel-Media, met wie sy reeds jare lank 'n verbintenis het, vir skenkings

van Christelike literatuur gekontak. Van Wyk vertel verder: "Terwyl ons vir die mense op die plase kos geneem het, het ons begin dink hoe ons die mense meer betrokke by Jesus kan kry. En dáárom het ek vir Bybel-Media gekontak," sê Van Wyk.



William Ross, wat die boeke namens BM uitgedeel het, sê dit gee hom 'n warm gevoel om die uitdrukkings van dankbaarheid op die mense se gesig te sien. "Dis goed om vir mense kos te gee, maar twee uur later is die mense weer honger en dan gee die boeke vir die mense die geleentheid om met God te praat. Wanneer hulle

van die gesprekke met die mense vergeet het, herinner God hulle deur die boeke dat Hy lief vir hulle is en dat sy genade genoeg is," sê Ross.

Van Wyk voeg by dat sy die Here prys oor dié skenking van BM. "Wat so wonderlik van hierdie boeke is, is dat 'n mens met 'n klein groepie mense kan gaan sit en die boek deurwerk. Die mense kry die geleentheid om aantekeninge te maak, te sê hoe hulle oor die betrokke onderwerp voel en dan kan ons vir hulle bid. Wanneer ons weg ry is dit is so 'n seën om te sien hoe die mense steeds sit en uit die boeke lees," sê Van Wyk.



Evelyn van Wyk en haar evangelisasiespan Ambassadors of Christ Ministries, probeer elke Saterdag soveel as moontlik mense op die plase in die Wellington-omgewing met brood vir die liggaam en vir die siel bedien. Hiër help William Ross, werknemer by Bybel-Media, die evangelisasiespan om boeke, wat deur BM geskenk is, aan die plaaswerkers op die Mofoshala-plaas net buite Wellington, uit te deel. Foto: Verskaf



## Hoe oop is ons kerke se deure in krisistye?

*Oop deure – wat Openbaring ons oor die kerk se lewe en roeping leer* deur Coenie Burger  
Uitgewer: CLF, 2020  
Resensent: Karlie Liebenberg

Dis menslik om in hierdie vreemde en onseker tye vrae te hê, te twyfel en soms met God te worstel. Ons vra ook vrae oor die rol van die kerk in krisistye. Coenie Burger se nuwe boek is juis relevant in die onseker tye wat pandemies bring. Hierdie boek is meer as net 'n uitleg van die boek Openbaring. Verskeie temas word bespreek, soos ekologiese rampe, toenemende konflik, morele kwessies, asook die onseker tye van pandemies.


Die skrywer bring 'n nuwe perspektief aan die leser – soos gesien deur die lens van 'n missionale denker. Hierdie lens skep geleentheid vir leraars en kerkleiers om te besin oor die kerk se roeping en identiteit in moeilike en uitdagende tye. Die NG Kerk poog om meer en meer missionaal te wees. Dit skep 'n geleentheid om meer kreatief en prakties te begin dink oor kerkwees. Kerke dink oor hoe hulle in onseker tye hulle deure

kan oopmaak, wat lei na missionale transformasie. Sodra omstandighede dramaties verander, is ons as kerk geneig om energie te verloor. Dit is juis in hierdie tye dat ons vergeet van diegene buite gemeentes. Openbaring herinner ons daaraan om die missionale werk voort te sit. Die swaarkry en onsekerheid waarin ons gedompel is as gevolg van die globale koronapandemie, wys dat swaarkry deel van die lewe is.

Die boek Openbaring is bekend daarvoor dat dit ontoeganklik en ingewikkeld is, maar 'n beter verstaan daarvan getuig dat ons in moeilike tye meer geleentheid het vir getuieis en diens. Burger skryf: "Ons kan meer doen as wat ons dink – as ons ons oog gevestig hou op Christus en bly luister na die Gees." Mag ons vasklou aan hierdie woorde om ons kerk se deure oop te maak, juis in krisistye.

► *Karlíe Liebenberg doen tans haar praktiese gemeentejaar by die NG gemeente Franschoek.*

● Kyk gerus ook na 'n gesprek oor *Oop deure* tussen Coenie Burger, Gideon van der Watt en Frederick Marais by <https://www.youtube.com/watch?v=1nIz1SoS1eA>



## Skrywer se vrae is uitdagend én uitnodigend

*Train naked: A guide to a meaningful life and work that matters* deur Pierre du Plessis  
Uitgewer: Tracy McDonald, 2020  
Resensent: Tom Smith

Pierre du Plessis is 'n bekroonde skrywer wat al die Andrew Murray-prys vir sy boek *Jesus ruik na mirre en stof* (Lux Verbi) verwerf het. Daarna het hy ook 'n uitstekende boek oor die koninkryk geskryf met die titel *Boomwortels in die hemel* (Lux Verbi). Vandag gesels ons egter oor sy eerste Engelse boek, *Train naked: A guide to a meaningful life and work that matters*.

Hierdie uitdagende titel is deur die eerste brief van Timoteus geïnspireer en spesifiek die opdrag: "Oefen jou liewer om in toewyding aan God te leef" (4:7). "Oefen" is 'n Griekse woord goom-na-see'-ah wat as 'n metafoor vir die lewe dien – "to train naked". Elke bladsy van die boek bevat 'n kort refleksie waarin ons uitgenooi word om die naakte waarheid van ons lewe te beoefen en uitgenooi word in

Du Plessis se "signature phrase": "Get skin in the game".

*Train naked* is in drie dele geskryf wat verskillende arenas van ons lewe aanspreek: identiteit – "something to be"; begeertes – "something to want"; laastens, wat ons doen – "something to do". Die boek sluit af met Du Plessis se vertolking van 'n paar antieke praktyke.

Du Plessis stel voor dat die boek gelees word deur te kyk na 'n refleksie per dag, "[G]ive it a shot until you get it right. Skip the ones you don't need and reread the ones you do."

Om hierdie boek te lees is uiters stimulerend. Du Plessis haal uit verskillende bronne aan en ek het sy stories en illustrasies baie geniet. (Alhoewel die boek vir jou eie groei geskryf is, sal predikers tonne preekillustrasies in die boek kry). Die skrywer het die vermoë om goeie vrae te stel wat uitnodigend en uitdagend is, hy is 'n medereisiger. Ek beveel hierdie boek aan.

► *Tom Smith is die spanleier by Fontainebleau Gemeenskapskerk en skrywer van Raw spirituality (IVP).*

## Toevoeging tot jou poësierak

*Heimlike Heiligdom* deur Jacobus van der Riet  
Uitgewer: Protea Boekhuis, 2020  
Resensent: Rethie van Niekerk

Religieuse poësie word deesdae maar selde gepubliseer. Wat 'n lekker verrassing is die Ortodokse priester Jacobus van der Riet se versameling sonnette dan nie.

Van der Riet dig oor heiliges wat in die Oosters-Ortodokse kerk gekanoniseer is – 'n onbekende, dalk selfs vreemde onderwerp vir die gemiddelde Protestantse leser. Tussen die treffende gedigte en beuseltjies van die buite-Bybelse heiliges se lewe, word 'n mens egter vinnig meegesleur. Sommige van die heiliges is wel ook bekende karakters uit die Bybel, soos Moses, Dawid en Lukas. Ander se verhale is soms ontstellend, soos die Heilige Martelares Marina, of dit wil jou gefassineerd by Google laat aanklop vir meer, soos die Heilige Paulus van Thebe. Van 'n heilige wat moeite doen om te wys

dat hy dwaas is vir Christus, tot een wat die "leer van die kerk in eenvoudige taal kon verduidelik, siele tot bekering lei en ... vir sy vyande bid".

Hierdie sonnette vra om hardop gelees te word, met klanke wat in jou mond rondrol. "Soos die roep van 'n bokmakierie of piet-my-vrou / wat onopspoorbaar, tergend agter die blare skuil, / weerklink nog as antidoot vir dié wat somber pruil / die welluidende naam: Win-wa-loe! Win-wa-loe!" So met rollende klanke vertel sommige gewoon die storie van die heilige, terwyl baie ander 'n loflied tot God is, met die verhaal van die heilige wat eintlik in die agtergrond inskuif.

"'n Esel staan in die pad, en bepeins weer die dag: / Hoe onverwags sag, hoe onbeskryflik lig tog die las, / hoe onvergeetlik daardie geseënde, Godsalige vraag." Soos wat hierdie uittreksel uit die sonnet "Palmsondag" wys, is *Heimlike Heiligdom* 'n keurige toevoeging tot jou poësieversameling.

Lux Verbi / NB Uitgewers gee vir een gelukkige leser 'n kopie van *Reënboogmelodie* deur Anzil Kulsén en *Vreugde vir Larissa* deur Elsa Winckler. Stuur 'n e-pos aan [kbwedstryde@tydskrifte.co.za](mailto:kbwedstryde@tydskrifte.co.za) met "Vir Aandag: Lida Viljoen" as onderwerp. Vertel vir ons in 100 woorde van jou gunsteling Christelike boek wat in 2020 verskyn het. Gee ook jou woonadres en selfoonnommer. Sluitingsdatum: 31 Julie 2020.



## VERSTAAN die Bybel

# Psalm 13: Om te vertrou op God se trou

FANIE CRONJÉ

**P**robeer in een woord sê wat se emosie jy beleef wanneer jy aan die huidige tyd van inperking in ons land dink. Wat voel jy? Ek hoor en lees sommige mense sê hulle voel nie “normaal” nie; hulle “voel nie hulle self nie”. By sommige gelowiges wat ordentlik probeer bly, die “pose” probeer hou, of nie ondankbaar wil klink nie, het ek al gedagtes gehoor soos: “Weet jy, eintlik gaan dit goed met my; ek het darem nog werk; die kinders is ok; my familie is almal nog gesond; eintlik het ons nie rede om te kla nie”. Onder sommige gelowiges wat nie bang is om emosie te verwoord nie, hoor ek onder meer woorde soos “angstig, kwaad, benoud en disoriëntasie”. Die vraag is hoe voel jy oor alles?

In Psalm 13 ontmoet ons ’n digter wat sy eie en sy mense se emosie verwoord. Ons weet nie gedurende watter jare die psalm gedig is, of wat die spesifieke omstandighede is waaronder dit gedig is nie. Ons weet egter presies hoe die digter voel. Juis omrede die digter sy emosie, dit wat sy situasie, ongeag wat dit mag gewees het, aan hom doen, so uitstekend verwoord, maak dat hierdie psalm oor millennia heen deur sommige mense as terapeuties beleef is. Die

psalm het ’n soort tydloosheid en daarom maak die presiese historiese situasie waaronder dit geskryf is, nie soveel saak nie.

Die psalm kan in drie dele verdeel word. Vers 1 is die opskrif wat later bygevoeg is. Verse 2-3 is ’n klag, of ’n klaaglied gerig na God toe. In vers 4-5 verander die toon van die psalm. Dit beweeg van ’n klag na ’n gebed. Die gebed word, soos die klag, tot God gerig. Vers 6 vorm die derde en laaste deel van die psalm. Deur sy eerlike klag en gebed, vind die digter dat hy gehoor word.

Die viermalige herhaling “hoe lank nog, HERE?” is die oorheersende stilistiese kenmerk van die psalm. Dit is ’n aanduiding van die ongeduld van die bidder en wil die ondraaglikheid van die situasie beklemtoon. Die situasie van nood of lyding kom in besonder op drie vlakke tot uiting.

Eerstens ’n ervaring van godverlatenheid. Die digter voel die HERE het hom vergeet en dat God hom nie in sy lyding of nood raaksien nie. Hierdie gevoel van godverlatenheid is nie ’n kortstondige ervaring nie, maar ’n belewenis wat nou reeds lank duur. Deur die “gesig vir my wegsteek” sê die digter dat God nie

vir hom teenwoordig is nie. Kommunikasie tussen hom en God is afgesny. God se stem het stil geword.

In die tweede plek sien ons in vers 3 dat die nood waarin hy verkeer, hom geweldig baie bekommer. Die bekommernis beïnvloed sy hele menswees, sy totale bestaan. Dit knaag die hele tyd aan hom. Die digter beduie dat hy selfs gedurende die dag bewus bly van ’n gevoel van benoudheid, van angs in sy binneste. Sy binneste kom nie tot rus nie.

Die derde vlak is die vyande se leedvermaak oor sy belewenis in sy nood. Baie belangrik is om te besef dat die vyand hier nie ongelowige mense, of mense van ’n ander volk, taal of land is nie. In die Bybel het ons te doen met ’n godsdiensinterne gesprek. Die vyande is diegene in die geloofsgemeenskap wat sê hy vertrou vergeefs op die Here. God is inderdaad nie meer met hom nie en God antwoord nie meer nie. Dit is dus gelowiges wat God se beeld vir die digter versluier.

In vers 4 en 5 verander die klag in ’n gebed. God word gevra om ’n einde te maak aan sy afwesigheid. Die HERE word opgeroep om “ag te slaan / raak te sien”, om te “antwoord” en om die digter

se oë te verlig. Die eerste twee bedes het te doen met die gevoel dat God afwesig is, dat Hy nie antwoord nie. Die digter pleit dat die Here tog nou van hart sal verander en hom raaksien in sy benoude situasie en dat God sal antwoord. Hy wil hê God moet weet wat hy deurmaak, wat hy tans voel. Die derde bede het te doen met die herstel van lewenskrag.

Met vers 6 bereik die psalm ’n hoogtepunt. Die digter vertrou op die HERE, sy vyande nie. Dit gaan hier om die trou van die HERE. Al voel die digter dat God afwesig is, dat God hom nie in sy situasie van benoudheid raaksien nie, bly die digter vertrou op God se trou. Hy kan dit doen, omrede die HERE in die verlede getrou was. In Psalm 13 gaan dit oor ’n oeroue gevoel onder sommige gelowiges, naamlik die oënskynlike afwesigheid van God in mense se nood. Hier gaan dit om die ongeduldige worsteling van ’n gelowige met die betrokke gevoel. Die klag groei deur gebed heen tot ’n sterk geloofsoortuiging. Hierdie geloofsoortuiging is gegrond in God se trou in die verlede.

► *Dr Fanie Cronjé is predikant van die NG gemeente Riviera-Jakaranda in Pretoria.*

## Klein venstertjies op God



## God se magtige hand

Ons lewenspad is nie altyd ’n oop en toeganklike hoofweg nie. Dit word dikwels versper en geblokkeer.

Toe die Israëliete uiteindelik na 40 jaar by die beloofde land kom, is hulle pad deur die vol Jordaandrivier versper (Jos 24). Daar was geen lug- of bootverkeer beskikbaar nie.


Vir die Verbondsgod, wat die land eeue gelede aan Abraham en sy nageslag belowe het, bestaan daar nie versperrings en blokkades nie. Sy magtige hand, die hand wat hulle uit die Egiptiese slawerny bevry en wat die Rooisee oopgekloof het, het weer eens in beweging gekom. Hy het die vloedwaters opgedam sodat hulle, in hulle duisende, droogvoets kon deurtrek. Die skrywer stel dit so: “Op droë grond het Israel deur hierdie Jordaän getrek, deurdad die HERE julle God die water van die Jordaän voor julle uit laat opdroog het ... dat al die volke van die aarde kan weet dat die hand van die HERE sterk is ...” (Jos 4:24 OAV).

God is by magte om die versperrings en blokkasies op jou pad soos mis voor die son te laat verdwyn. Vertrou op Hom.

In hierdie beeld het die fotograaf twee foto’s (wolke en hand) gekombineer om die metafoer van die hand van God simbolies uit te beeld.

Foto en teks: Kobus Smit  
www.ks-pictures.co.za





# Spesiale voorverskyningsaanbod vir gemeentes en Bybelstudiegroepe

Normale  
prys:  
**R215**

Koop  
**5 boeke**  
en kry  
**1 gratis!**

**Bestel *Uit die Beek 2021* voor 30 Julie  
om dit teen die spesiale prys aan te koop.**

*Uit die Beek 2021* lui 'n nuwe reeks van hierdie klassieke Bybeldagboek in. Die oogmerk is om die Bybel in die volgende klompie jare deur te lees. Vanjaar verskyn *Uit die Beek* weer uit die pen van die bekroonde skrywer Barend Vos.

**Koop 5 boeke en kry een gratis!**

Die goeie nuus vir gemeentes is dat Bybel-Media hierdie gewilde Bybeldagboek met 'n uitstekende afslag aanbied. **Koop 5 dagboeke en kry die 6de een gratis!**

Adverteer hierdie aanbod in jou gemeente en moedig jou gemeentelede aan om hierdie geestelike toerusting in 2021 te gebruik.

Bestel dadelik om te verseker dat jy *Uit die Beek 2021* ontvang.

**\* Produkte sal ná 15 Augustus gepos word.**

**NG GEMEENTE ROODEKRANS**

*Die kerkrad van NG Gemeente Roodekrans wag in afhanklikheid aansoeke in vir die onderstaande pos.*

**VAKATURE: JEUGWERKER**  
Dienstermyn: Vastetermynkontrakpos vir een jaar

**Gemeenteprofiel:** Ons gemeente is 'n voorstedelike gemeente aan die Wesrand, in die Roodepoort-area.

**Jeugwerkprofiel:** Moet 'n lewende verhouding met die Here hê en die begeerte om Hom te dien; moet 'n lidmaat van die NG Kerk wees; goeie verhoudings en liefde vir jongmense; ervaring van jeugwerk en 'n bereidheid om te leer en te groei; kan organiseer en beplan; die vermoë om in mentorskap en 'n span saam te werk; passievol en kreatief wees.

**Pligte:**

- Die administratiewe en logistieke reëlings van kampe, uitstappies, kategeese, uitreike, jeuggroepe, ontwikkeling van 'n span vrywilligers en eredienste in samewerking met jeugbediening in die gemeente.

**Vergoeding en voordele:**

- 'n Mededingende vergoedingspakket sal aangebied word.
- Aansoeker moet beskik oor 'n geldige bestuurderslisensie met eie vervoer asook eie akkommodasie.

**Aansoek:** Alle aansoeke moet vergesel word van 'n volledige CV met drie referente se kontakbesonderhede.

CV's moet vergesel word van 'n beskrywing van jou siening oor die rol van 'n jeugwerker en 'n kort beskrywing van jou sterk punte en groei-areas.  
Rig alle CV's aan: [helene@ngkroodekrans.co.za](mailto:helene@ngkroodekrans.co.za)

**Sluitingsdatum:** 30 Julie 2020.

**Diensaanvaarding:** Datum sal nog bepaal word.

**Navrae:**

- Helene de Jager 011 768 1391/083 408 2132
- Ds Roelof Minnaar 072 159 0402

*Die kerkrad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.*

**AMPTELIKE NUUS UIT DIE NG KERK-FAMILIE**

**Stuur Amptelike Nuus na Lida Viljoen by**  
[lida@tydskrifte.co.za](mailto:lida@tydskrifte.co.za)

**NG KERK**

BEROEP: Prop (prof) Laetus Oscar Kotze Lategan na Bloemheuvel as tentmaker.

**WES-KAAPLAND****EMERITAAT**

Ds Chris Eksteen het op 31 Maart 2020 afgetree by NG Kerk Tulbagh. Hy het sy akte van demissie op Sondag, 28 Junie 2020 ontvang. (Ds WP du Plessis, Ringskriba, 19.06.2020).

**NOORD-KAAPLAND****EMERITAAT**

Ds Meiring de Wet van die NG gemeente Philipstown het op 31 Mei 2020 geëmeriteer en het ook sy akte van demissie ontvang. (Henry Williams, Ringskriba, 05.06.2020).

**BEVESTIGING**

Prop Hendrik Nicolaas Beukes se bevestiging met handoplegging deur prof Hannes Knoetze, het op 21 Junie 2020 in die NG gemeente Mareetsane plaasgevind. (Alta Pretorius, Ringskriba, 29.06.2020).

**VRYSTAAT****BEVESTIGING**


Ds Tano Bongers is op 4 Julie 2020 bevestig in die NG gemeente Dealesville. Hy was voorheen leraar in Schweizer-Reneke. Die bevestiging is waargeneem deur ds Jean van Biljon van Soutpan. (Annamarië van Biljon, Skriba, 25.06.2020).

**GOUDLAND****BEVESTIGING**

Prop GSM Enslin is op 12 Julie 2020 by die NG Sederpark bevestig as voltydse predikant. Hy is deur ds LJ Enslin van NG Dutoitspan, Kimberley bevestig. (Ds BC Botha, Skriba, 06.07.2020).

**DWARSWEGSTRAND**

5 km vanaf Groot-Brakrivier, 25 km van George asook Mosselbaai. Ten volle toegeruste 4 en 3 slaapkamerhuise (sommige met motorafdakke) reg voor op die see, 2-slaapkamerwoonstelle, seefrontwoonstelle (slaap 2) – stapafstand van die see, 34 staanplek woonwagpark (drie ster geradeer) met krag-, waterpunte en braaigeriewe, sommige staanplekke reg voor op die see, 24 uur sekuriteit by ingang.



Kontak by **044 879 1010**, bespreek aanlyn by [www.dwarswegstrandoord.co.za](http://www.dwarswegstrandoord.co.za) of stuur 'n e-pos na: [oordbesprekings.dwarswegstrand@axcess.co.za](mailto:oordbesprekings.dwarswegstrand@axcess.co.za)

Spesiale tariewe vir SAOU-lede en pensioenarisse.

**NG KERK VREDE**

*Die kerkrad van NG Kerk Vrede wag in afhanklikheid aansoeke in vir die onderstaande pos.*

**VAKATURE: VOLTYDS-ONBEPAALEDE TERMYNPOS**

**Gemeenteprofiel:** Die NG Kerk Vrede is een van twee gemeentes wat tans die platelandse gemeenskap op die Vrystaatse dorp, Vrede, bedien. Daar is 281 belydende en 76 dooplidmate in die gemeente. Die gemeente word hoofsaaklik gevoed deur 'n sterk boerderygemeenskap met vier wydverspreide plaaswyke. Daar is ook twaalf dorpswyke en 192 besoekpunte. Vrede beskik oor 'n goeie gekombineerde laer- en hoërskool en noodsaaklike fasiliteite en dienste wat winkels, 'n dokter en tandarts insluit. Daar is ook 'n tehuis vir bejaardes binne die gemeente se bedieningsgrense.

**Leraarprofiel:** Die geskikte kandidaat moet iemand wees met 'n innige liefde vir die Here en 'n brandende passie vir sy kerk. In die eerste plek is goeie gereformeerde en Skrifgetroue prediking 'n vereiste. Hy/sy moet ook iemand wees wat die liefdesgebod uitleef in sy/haar bediening om sodoende die gemeente met die nodige deernis, liefde en sorg te bedien. Die kandidaat moet ook meelewend wees en 'n uitgaande persoonlikheid hê. Kortom: Die leraar moet vanuit sy/haar roepingsoortuiging, 'n goeie en betroubare herder en leraar vir die gemeente wees.

**Pligte:**

- Soos omskrywe in Artikel 9 van die Kerkorde.

**Vergoeding en voordele:**

- Onderhandelbaar, met sinodale skaal as riglyn.
- Ruim en goed versorgde pastorie met munisipale dienste, selfoontoelae.

**Aansoek:** Aansoeke kan gestuur word na [ngkerkvrede@vodamail.co.za](mailto:ngkerkvrede@vodamail.co.za) Die aansoek moet bestaan uit 'n volledige CV met vier referente se name en telefoonnommers. Daar sal ook van alle belangstellendes verwag word om 'n vraelys in te vul na ontvangs van die aansoek. Kandidate op die kortlys sal vir 'n preekbeurt en onderhoud genooi word.

**Sluitingsdatum:** 24 Augustus 2020. **Diensaanvaarding:** 1 Desember 2020.

**Navrae:**

- Johan van der Westhuizen, Leierouderling, 082 923 5093
- Skriftelike navrae aan die skriba, Carin, by [ngkerkvrede@vodamail.co.za](mailto:ngkerkvrede@vodamail.co.za)

*Die kerkrad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.*

**Trinity Uniting Church in the City of Perth verwelkom graag alle Afrikaanssprekendes in die middestad!**

*Die Afrikaanse Gemeente van die Uniting Church in the City of Perth, is geleë in die hart van Perth se middestad.*

Die Afrikaanse Gemeente het ten doel om alle Afrikaanse emigrante en migrante te help integreer in 'n multikulturele Australiese samelewing. Ons wil vir almal 'n geestelike tuis en 'n familiegevoel skep, waar nuwe mense ontmoet kan word. Ons wil ook met die evangelie 'n verskil hier in die vreemde maak. Ons werk daarom nou saam met die Engelse gemeentes van die Uniting Church in the City, asook ander kerklike denominasies.

Ons kom weekliks byeen vir eredienste. Die laaste Sondag van die maand kom ons om 08:30 by Trinity Uniting Church byeen, vir 'n meer klassieke erediens. Die ander drie Sondae kom ons om 18:00 by Ross Memorial Uniting Church byeen, vir 'n meer kontemporêre erediens. Die eerste en derde Sondag van die maand het ons 'n groep, **Awaken**, wat om 18:00 by Trinity byeenkom. **Awaken** is gerig op studente en jongwerkendes. Alle preke by al drie eredienste is eietyd en sterk Woord-gerig.

Ons wil alle voornemende migrante en emigrante uit Suid-Afrika met ope arms ontvang. Kom raak deel van ons gemeente en ontmoet ander Afrikaners, Aussies en mense van ander kulture uit ander lande van die wêreld.

Predikante: **Ds Hannes Halgryn en dr Herman Nienaber**  
Facebook: **Kerk in die Stad.**  
Webblad: [www.perthunitingchurch.com.au](http://www.perthunitingchurch.com.au)  
E-pos: [hannesh@ucic.org.au](mailto:hannesh@ucic.org.au) en [hermann@ucic.org.au](mailto:hermann@ucic.org.au)

**Besoek gerus [kerkbode.co.za](http://kerkbode.co.za) vir die jongste nuus.**

**Om te adverteer in Kerkbode, kontak Hanlie Raath:**  
Tel: 023 342 6030  
Sel: 072 357 8914  
E-pos: [woes@mweb.co.za](mailto:woes@mweb.co.za)

## AKKOMMODASIE

**BLOEMFONTEIN  
B@HOME**

Emil en Sandra. Vriendelik, rustig en veilig. Netjiese selfsorgeenhede met tuin en braai. Naby MediClinic, Mall, skole en universiteit.

Enkel: R350, dubbel: R470.  
Groter eenheid: Spesiale tarief.  
Skakel 051 444 0204 of  
083 235 3000.

**BLOEMFONTEIN**

Oornagverblyf. DStv, lugreëling, badkamer. Veilige parkering. Naby N1, skougronde, hospitale en inkopiesentrums. Vanaf: R250.  
Skakel Hanlie, 084 400 2693.  
hanlidevilliers@webmail.co.za

VAKANSIE-  
AKKOMMODASIE

**HERMANUS:** Ruim, bekostigbare selfsorg gesinswoning aan privaat woonhuis naby die see. Veilige parkering. Vanaf R600pn. jdb@hermanus.co.za of 082 929 6350.

**Die volgende Kerkbode  
verskyn op  
14 Augustus 2020.**

**JEFFREYSBAAI:** SANDKASTEEL. 2 slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

**KLEINMOND:** Seefrontvakkansiehuise, woonstelle en kothuise te huur. Besoek ons webtuiste: www.kleinmondprop.co.za. Skakel ons. Tel: 028 271 3047, sel: 083 700 4962.

**REEBOK/TERGNIET  
(MOSSELBAAI)**

**2 slaapkamerwoningstel  
(slaap 4) aan huis.  
Volledig toegerus. Baie  
netjies. Private tuin,  
onderdakbraaigeriewe. Dwars  
deur die jaar beskikbaar.  
Geen troeteldiere. Skakel  
083 651 4517.**

**UVONGO:** Selfsorgwoningstel. Pragtige see-uitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R480 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779. Webblad: www.grietsseplek.com

**WILDERNIS:** ARENDSNES. Volledig toegeruste 2 slaapkamer, see-uitsig, selfsorgwoningstel met binnebraai, DSTV, slaap 4/5. Beate 083 231 0315, 044 877 0471. beatyv@absamail.co.za

**Om kleinadvertensies te  
plaas, kontak Lida Viljoen:  
Tel: 021 864 8202  
E-pos: lida@tydskrifte.co.za**

**NG GEMEENTE DOUGLAS****Vakature: Voltydse leraarspos**

*Die kerkraad van die NG gemeente Douglas wag in afhanklikheid aansoeke in vir die bogenoemde pos.*

**Gemeenteprofiel:** Douglas is 'n plattelandse gemeente in die Noord-Kaap met sowat 607 belydende en 165 dooplidmate. Die gemeente bestaan uit 15 wyke met 'n totaal van ongeveer 336 besoekpunte. Hiervan is 280 in die dorp en 56 op plase.

**Leraarsprofiel:**

- Moet goed in spanverband kan saamwerk.
- Duidelike roeping om op die platteland diensbaar te kan wees.
- 'n Passie vir pastorale sorg met lidmate in verskillende lewenstadiums.
- Hart vir barmhartigheidsdiens en missionêre ingesteldheid wat doelgerig nagestreef word in skakeling en betrokkenheid in gemeenskap.
- Moet oor 'n inklusiewe ekklesiologie beskik wat veral weerspieël word in skakeling en samewerking met ander denominasies.
- Goeie kommunikasievaardighede (insluitend elektronies en digitaal).

**Pligte:**

- Soos ooreengekom met die kerkraad met Artikel 9 van die Kerkorde as uitgangspunt.

**Vergoeding:**

- Vasgestelde pakket volgens sinodale skaal.
- Voorsiening word ook gemaak vir reiskoste, medies, pensioen en ander toelaes.
- 'n Ruim en doelmatige pastorie is ingesluit by die pakket.

**Aansoeke:**

Belangstellendes word uitgenooi om 'n volledige CV met hulle besonderhede, asook die name en kontakbesonderhede van twee referente te stuur aan die gemeentebestuurder by ngkdouglas@gmail.com

**Sluitingsdatum: 31 Julie 2020.**

**Navrae:**


- Ernie Brümmer 084 548 2373
- Suretha Meintjes 053 298 1316 / 084 840 2321

*Die kerkraad behou die reg voor om, sonder opgaaf van redes, geen aanstelling te maak uit die aansoeke ontvang nie.*

# Luister nou na Radio Kaapse Kansel

## 729 AM

**Jou Christelike gesels-radlostasie  
in die Wes-Kaap**



**Dit is AM nie FM nie. Luister enige tyd, enige plek, van die Kaap tot in Hong Kong via ons slimfoon toepassing.**

Adverteer jou besigheid op radio  
kontak vir, Kosie Burger  
kosie@kaapsekansel.co.za

**Vir meer inligting:**  
021 817 7000  
www.kaapsekansel.co.za  
info@kaapsekansel.co.za



# Dana op reis

## 'Armoede begin by die skoene'



Op Colesberg neem Dana hierdie seun se tekkies af. Die buitokante klou soos die genade van die Liewenheer aan sy voete.

niger weerspieël as in die skoene wat hy of sy dra? Daardie paar vuil Pep-tekkies aan die voete van die ou wat voor OK Foods na jou toe kom met sy bedelhand. Die nerf-af leerplakkies wat die vrou by die verkeerslig se waardigheid help steel.

Die dood begin by die voete, het Breyten Breytenbach iewers geskryf. Armoede begin by die skoene.

Min mense, bevoorregtes soos ek, laat versool en herstel nog hulle skoene. Maar ry jy deur 'n township of arm buurt, sien jy dikwels op 'n sypaadjie 'n ou wat aan ander se skoene sit en werk. Soms hou ek by hom stil en neem 'n foto van die skoene wat daar lê: die gedaan tekkies, die plakkies, en dalk 'n vrou se paar rooi hakskoene waarvan die een hak af is.

Oor wat 'n vrou se skoene jou van haar kan vertel, kan 'n mens baie sê.

Iewers het ek 'n foto geneem van 'n tante op Brandkop in die Boesmanland se skoene: 'n veterlose wit tekkie aan die linkervoet, 'n moedelose swart tekkie aan die regtervoet. Ek wou haar vra hoe gebeur dit dat jy op 'n oggend besluit om twee verskillende skoene aan te trek. Hoe voel dit? Maar ek wou haar nie verder verneder nie.

Op Colesberg het ek nou die oggend 'n seun afgeneem wie se tekkies nie meer regtig sole het nie. Sulke bloues. Die sole deurgeloop. Daardie tekkies se buitokante klou soos die genade van die Liewenheer aan sy voete.

Op heelparty plekke in die Bybel word oor skoene en voete gepraat. Dit maak vir my sin.

Dit is goed en wel om te sê jy moet jou by wyse van spreke in 'n ander se skoene probeer plaas voor jy hom of haar oordeel, maar eers moet jy dalk daardie een se skoene raaksien.

Dit is maar wat ek knaend vir myself in hierdie desperate maskertyd sê.



Ons bestuur jou geld met meer as 150 jaar se gesamentlike kundigheid, ervaring en vaardigheid.  
Presies soos ons eie.

[www.krugerinternasionaal.co.za](http://www.krugerinternasionaal.co.za) 011 726 7700 [admin@krugerinternasionaal.co.za](mailto:admin@krugerinternasionaal.co.za)

PRETORIA | MOSSELBAAI | JOHANNESBURG | SOMERSET-WES | PORT ELIZABETH | GEORGE